54 Ek het teruggegaan in hierdie visioen, en daar was 'n lang geboutjie. En toe het 'n stem vir my gesê (almal van julle onthou dit, of baie van julle), 'n stem het vir my gesê, "Bring kos in. Stoor dit. Dis die enigste manier om hulle hier te hou, is om hulle kos te gee." En ek het ingebring … het yslike groot vate ingebring vol van die mooiste wortels en die mooiste groente en dinge wat ek ooit gesien het.

Onthou julle nou die visioen? Nou, en ek het julle later vertel wat die interpretasie was. Ek was veronderstel om na Zürich, Switserland te gaan, saam met Broer Arganbright vir vyf aande se diens. Ek het vir die broers gesê voor dit gebeur het, "Ek sal nie gaan nie."

En ek was daar by Broer Welch Evans, daar onder, toe dit… Ek het die interpretasie gegee.

55 Een aand, ek glo Broer Welch het my kom haal (ons het op 'n visvangrit gegaan), en gesê Broer Arganbright het my gebel. Ek het gesê, "Goed, hier is dit. Hulle gaan my wegwys." En baie keer (nie deur Broer Miner nie—hy is een van die beste vriende), maar partymaal, as hulle net kan… As hulle dink jy gaan iets preek wat teen hulle doktrine is, sê hulle net jy gaan om daar te wees om jou vriende daar te kry.

En hulle het gesê… Broer Arganbright het my gebel en gesê, "Broer Branham [net wat die Gees gesê het], jy kom. Bring jou vrou saam met jou, want jy sal nie baie hoef te preek nie, want ek dink hulle het jou net vir een aand." En het gesê, "Jy hoef dalk nie daardie een te preek nie."

Ek het gesê, "Nee."

"Wel," het hy gesê, "Komaan, jy en jou vrou, julle kom almal, sien. En as jy dit doen, sal ek jou op 'n toer neem. My vrou en jou vrou, en hulle almal, ons sal opgaan deur Switserland en daar deur Palestina."

Ek het gesê, "Nee."

Ek het die interpretasie gehad. Ek het vir Broer Welch, of Broer Fred en hulle gesê, "Ek sal julle in die oggend sê. Maar eers moet my vrou iets sê." En toe ek haar gebel het, toe het sy geweier om te gaan. Ek het gesê, "Hier is dit," sien.

56 Nou, daardie klein wit bootjie was daardie een byeenkoms. Dis in orde om enige plek hier op die oewer te gaan, met een byeenkoms. Maar dis nie genoeg nie, al was dit wit en goed, om my oor seë te roep.

Broer Fred en Broer … daar (verteenwoordig in die visioen), hulle het voorgestel gaan as 'n toeris vir

die pret. Maar ek het geen begeerte gehad om dit te doen nie. En om hulle te weier om bootsmanne te wees—dit het beteken hulle was nie predikers nie; maar ek was 'n prediker. En dan die kos in daardie lang geboutjie… Ek het nie oorsee gegaan nie en teruggekeer na hierdie geboutjie, en ons het dosyne bande gemaak, van die piramides en alles, om die mense die uur te wys waarin ons lewe in.

Nou, vergelyk selfs dit met die ander, die drome. Hierdie was 'n visioen. Die kos, hier is dit. Hierdie is die plek.

57 Let op, wat het toe plaasgevind? Toe onmiddellik na daardie vierde visioen aangekom het (of vierde droom vir my vertel was), het 'n Broer Parnell opgekom. Hy is hier iewers. Net hier. Billy was nie hier nie, en die man was paniekerig. Hy's van Bloomington, glo ek, of Bedford? Lafayette, hou byeenkomste. Hy het 'n droom gehad en hy het afgekom na Broer Wood en hy het gesê, "Ek kan dit net nie laat gaan nie. Ek moet dit vertel. Ek moet vir Broer Branham vertel. Dit pla my." En God weet, nie een droom tussenin hulle nie, kom net een, twee, drie, vier, vyf, ses.

58 Broer Parnell het gesê, "Ek het 'n vreemde droom gehad. Ek het gedroom dat ek 'n byeenkoms sou hê daar bo, en op een of ander manier was daar 'n byeenkoms hier in 'n nuwe kerk, soort van." En het gesê hierdie nuwe kerk, hoe dit uitgekom het, dat hy gewonder het waarom hulle nie saamgewerk het tussen die twee, of iets op daardie manier nie. En gesê hy het hier gestaan, gedink, "Wel, synde ek hier is, sal ek net wag, en ek sal die dienste bywoon."

Gesê, 'n man het deur die gebou gekom met 'n bruin pak aan en 'n boek. Ek dink hy het geskryf. En hy het vir Broer Parnell gesê, gesê, "Hierdie is 'n geslote diens. Dis net vir diakens en trustees." Wel, hy het soort van 'n bietjie op getrap gevoel. So, hy het by die deur van die nuwe kerk uitgegaan, die kerk wat opgerig is, of hierdie een herstel—reggemaak. En toe hy buite gegaan het, het dit gesneeu—slegte weer, wintertyd. En nie een van hierdie mense het enigiets hiervan geweet nie.

59 En toe hy by die deur uitgaan, het ek daar gestaan, weswaarts gekyk. Ek het gesê, "Moenie op jou getrap voel nie, Broer Parnell. Ek sal jou wys wat jy moet doen."

Broer Parnell en enige van die res van hulle weet ek het hulle nooit enige interpretasie vertel nie (dis reg nou), het dit tog gesien wanneer hulle dit sou sê. Het julle opgelet hoe vinnig ek daar uitgekom het, Broer Parnell, om te keer dat ek julle hoef te vertel? En het opgegaan, nooit iets gesê vir Broer Wood of niemand anders nie. Niemand nie. Het dit net gelos, want ek wou sien waarna dit lei. Het julle my onlangs hoor sê, "Ek is gepla"? Dis wat dit was.

Toe, Broer Parnell, hy het gesê dat ek vir hom gesê het, "Broer Parnell, begin, en die eerste plek waarby jy sal kom, sal Sippora wees." (Sippora? Sippora, wat koppelteken beteken, of stop, of iets.) Ek het gesê, "Moenie daar bly nie. Gaan dan volgende, en jy sal 'n ou vrou kry. En moet dan nie daar stop nie. Gaan weer, jy sal 'n ware ou vrou kry. Moenie daar stop nie." En die hele tyd wat ek gepraat het, het ons deur die sneeu geloop.

Ek het gesê, "Gaan totdat jy my vrou kry. En wanneer jy my vrou kry, stop daar." En gesê hy het gekyk, en ons was uit die sneeu in die woestyn, en ek het verdwyn. En hy het teruggekyk en hy het sy vrou water uit 'n put sien pomp, en een of ander prediker wat aan haar trek om haar van die pomp af weg te trek. Sy het hom dopgehou—en hy het wakker geword.

60 Hier is die interpretasie van jou droom (ek kon jou daardie aand vertel het, maar ek het net weggedraai): In soverre dat Sippora, en een ou vrou, en 'n ander ware, egte ou vrou—dis kerke, sien, en Sippora, synde eintlik die vrou van Moses, Sippora. En ons let op dat ek vir hom gesê het om nie by hulle te stop nie. Maak nie saak hoe oud hulle was nie, hulle was organisasies. Moenie by hulle stop nie! Hulle het hulle tyd geleef. Maar wanneer hy by my vrou kom—wat my kerk is wat Jesus Christus vir my gestuur het in hierdie laaste dag, en hier is dit—stop daar! En ek was vort weswaarts.

61 Dan, Suster Steffy … sy mag nie hier wees nie omdat sy in die hospitaal was. Ek weet nie. Is Suster Steffy...? Ja, hier is sy. Suster Steffy het na my huis toe gekom vir gebed voor sy hospitaal toe gegaan het vir 'n operasie, dat God haar sou help en haar sou seën. En Hy het beslis.

En sy het gesê, "Ek het 'n vreemde droom gehad, Broer Branham."

Ek het gesê, "Ja?"

En sy het gesê, "Ek het gedroom dat ek in die weste was, en ek…" (Dis die sesde een.) En sy het gesê, "Ek het gedroom ek was in die weste, en dit is landerye. En toe ek gekyk het, op 'n heuwel het daar 'n ware ou man met 'n lang wit baard gestaan; en watter hare hy gehad het, het afgegroei oor sy gesig. En hy het 'n wit oorslaan-iets gehad, kleed." Gesê, "Die wind het dit gewaai." (Ek dink dis reg, Suster Steffy, soos dit.) En gesê, "Ek het bly naderkom. Hy het bo-op 'n berg gestaan, ooswaarts dopgehou." En het gesê, "Ek het gewonder: 'Wie is hierdie ou man?'" En sy het nader, nader beweeg. En toe sy nader gekom het, het sy herken wie dit was. Dit was die onsterflike Elía, die profeet, wat daarbo

gestaan en die ooste dopgehou het.

62 Sy het gesê, "Ek moet hom sien!" (Sy het 'n behoefte gehad.) En sy het teen die heuwel opgehardloop en daar neergeval om met hom te praat in die naam van Elía, en gesê toe sy gepraat het, het sy 'n stem hoor sê, "Wat wil jy hê, Suster Steffy?" En dit was ek.

Jou droom is net daar vervul, Suster Steffy. Want onmiddellik daarna het ek na Louisville gegaan. Wat jy nodig gehad het, was die gebed om te sien dat sy goed deur alles in die hospitaal gekom het; en die teken van my weste na die ooste, na my kudde.

Let op, ek het na Louisville gegaan, en toe ek teruggekom het, het ek soort van by die hek begin indraai, en daar was pale daar oor my hek ingeslaan. Mnr Goyne van die stadstraat hier, het met die laan opgegaan. Hy het gesê, "Billy, kom hier." Hy het gesê, "Jy moet jou hekke en dinge skuif … heining, klipheining, en hekke.

Ek het gesê, "Wel, goed, Bill." Ek het gesê, "Ek sal dit doen. Wanneer?"

Hy het gesê, "Ek sal jou sê. Ek sal jou laat weet wanneer." Hy het gesê, "Reg op die eerste van die jaar gaan hulle dit begin doen."

Ek het gesê, "Goed."

63 So, ek het begin teruggaan in die huis, en die vrou het gesê, "Ek moet net gou na die kruidenierswinkel toe gaan." Ek het in die laan afgegaan, en 'n seun, Raymond King, wat 'n stadsingenieur is… Ek het hom altyd "Mud Ear" genoem, want toe ons klein kindertjies was wat saam geswem het, het hy 'n kêrel in die oor geslaan met 'n klomp modder, en ons het hom altyd "Mud Ear" genoem. Hy woon reg met die laan langs van my af, omtrent tweede deur onderkant Broer Wood.

En so het ek gesê, "Modder, kom hier 'n oomblik."

Hy het gesê, "Goed, Billy." Hy het daarheen gekom.

Ek het gesê, "Daardie paal wat jy ingslaan het…"

Hy het gesê, "Billy, hulle gaan die hele ding inneem. Al hierdie bome, hierdie heinings, alles anders moet verskuif word."

Ek het gesê, "Maar die ingenieur het vir my gesê dat my eiendom in die middel van die straat gekom het."

Hy het gesê, "Ja, maar hulle gaan dit uitbrei. Gaan dit in elk geval inneem." Hy het gesê, "Myne ook."

Ek het gesê, "Wel, Broer Wood is 'n klipkapper," en ek het gesê, "Ek sal hom net kry om dit terug te skuif."

Hy het gesê, "Billy, moet dit nie aanraak nie. Laat die kontrakteur dit doen. Dis die pastorie, is dit nie?"

Ek het gesê, "Ja, meneer."

Hy het gesê, "Laat hom dit doen." Hy het gesê, "Jy weet wat ek bedoel."

Ek het gesê, "Ja." Ek het weggedraai. En so vinnig het iets dit getref. Ek het huis toe gegaan, in my kamer ingegaan, daardie boek opgetel, en daar was dit. Dit was nie betonblokke nie—dit was klippe.

Ek het gesê, "Meda, maak gereed."

64 Ses opeenvolgende drome, en toe het die visioen dit beklink. "Wanneer hierdie dinge gebeur, draai weswaarts."

Ek het Tucson geskakel. Broer Norman het 'n plek. Ek weet nie waarheen ek gaan nie. Ek weet nie wat om te doen nie. Ek is net in 'n… Ek staan. Ek weet nie wat om te doen nie. Ek verlaat 'n huis waarop ek nie huur hoef te betaal nie. My salaris is honderd dollar per week. En ek moet amper 'n honderd dollar per maand vir 'n huis betaal. Ek is net hier saam met my broers en susters, waar ek geliefd is. En ek gaan na ek weet nie waar nie. Ek weet nie hoekom nie. Ek kan julle nie sê waarom nie. Maar daar's net een ding wat ek weet: volg net wat Hy sê om te doen. Ek weet nie watter kant toe om te draai, wat om te doen nie. Dis niks van my…

Ek skat Abraham het so gevoel toe Hy vir hom gesê het, "Gaan oor die rivier." Hy het nie geweet wat om te doen behalwe om te vertoef, homself af te sonder nie. Ek het nie geweet wat om te doen nie.

65 Verlede Saterdagoggend, een week van gister, ongeveer drie-uur in die oggend, het ek opgestaan en

water gedrink, en die komberse oor Josef gesit in sy kamer. En toe het ek teruggekom en het net gaan lê en gaan slaap. Toe ek aan die slaap geraak het… Nou kry ek hierdie klein drome en dinge weg, sodat julle die agtergrond sal sien van wat ek gereed maak om te sê. Ek het Josef toegemaak, en ek het teruggegaan en gaan lê en aan die slaap geraak. En ek het 'n droom gedroom.

En ek het gedroom dat ek 'n man gesien het wat veronderstel was om my vader te wees, hoewel hy 'n yslike groot man was. En ek het 'n vrou gesien wat veronderstel was om my ma te wees, sy het net nie soos my ma gelyk nie. En hierdie man was baie gemeen teenoor sy vrou. En hy het 'n driehoekige stok gehad, waar hy hierdie hout gekloof het, en dit het 'n… Julle weet hoe jy 'n hout oor 'n stomp kap; dit maak 'n driehoekige stok. En elke keer wat hierdie vrou sou begin opstaan, het hy haar net aan die nek gegryp en haar op die kop geslaan en haar uitgeslaan. Dan sou sy daar lê en snuif en huil, en dan het sy weer begin opstaan.

Hy sou trots rondloop, met sy bors uitgestoot—yslike groot kêrel. En toe sy weer sou opstaan, sou hy haar aan die nek vat, hierdie driehoekige stok vat, en haar daarmee op die kop kraak, haar laat inmekaarsak. Loop terug, en stoot sy bors uit asof hy iets groots gedoen het.

66 Ek het gestaan en dit dopgehou. Ek het gedink, "Ek kan nie daardie man takel nie. Hy's te groot. En dan is hy veronderstel om my pappa te wees. Maar hy is nie my pappa nie." En ek het gesê, "Hy het geen besigheid om daardie vrou so te behandel nie." Ek het soort van 'n bietjie ontsteld geraak met hom.

So toe, ewe skielik het ek genoeg moed gekry en ek het na hom toe gegaan en hom aan die kraag gegryp, en hom omgedraai. En ek het gesê, "Jy het geen reg om haar te slaan nie." En toe ek dit gesê het, het spiere gegroei! Ek het soos 'n reus gelyk. En die man het na daardie spiere gekyk, en toe het hy bang geword vir my. En ek het gesê, "Slaan jy haar weer, gaan jy met my te doen kry." En hy het soort van gehuiwer om haar weer te slaan. En toe het ek wakker geword.

Ek het 'n rukkie daar gelê. Ek het gedink, "Wat is dit? Vreemd dat ek van daardie vrou sou droom." Net binne 'n oomblik, hier het dit gekom—ek het die interpretasie gekry.

67 Die vrou verteenwoordig die kerk van die wêreld vandag—die hele wêreld. Ek is gebore reg in hierdie gemors, en hier is ek. Sy's veronderstel om soort van 'n moeder te wees van… As sy 'n moeder van hoere was—maar tog is ek reg daarin gebore. En haar man is die denominasies wat haar regeer. Die driehoekige stok wat hy gehad het, is daardie drie-enige doop in valse name, dat elke keer wat sy begin opstaan (die gemeente om dit te aanvaar), slaan hy haar neer daarmee. Natuurlik, hy wat so groot was, ek het omgedraai, was 'n bietjie bang vir hom. En toe het ek in elk geval in hom ingestorm, en die spiere was geloofspiere. Dit het my laat dink, "As God met my is en my spiere kan gee, laat my opstaan vir haar," ophou om haar te slaan.

68 Moes tienuur in die dag gewees het toe my vrou probeer het om in die kamer te kom, en dit het gebeur. Ek het in 'n visioen gegaan daardie oggend, en ek het op een of ander manier… Nou onthou, dit was nie 'n droom nie!

Daar's 'n verskil tussen drome en visioene. Drome is wanneer jy aan die slaap raak; visioene, wanneer jy nie aan die slaap raak nie. Ons word so gebore. Die gewone menslike wese, wanneer hy droom, dis in sy onderbewussyn. En sy onderbewussyn is ver weg van hom. Sy sintuie is aktief, solank hy in sy eerste bewussyn is. In hierdie bewuste is jy normaal. Jy sien, proe, voel, ruik, hoor. Maar wanneer jy in jou onderbewussyn is, aan die slaap, sien, proe, voel, ruik of hoor jy nie. Maar daar's iets wanneer jy droom, wat… Jy keer terug na hierdie bewuste. Daar's 'n herinnering, dat jy iets onthou waaroor jy jare gelede gedroom het.

Die gewone menslike wese is so. Maar wanneer God iets voorbestem, is hierdie onderbewussyn nie ver weg hiervandaan van die siener nie, maar beide bewussyne is reg bymekaar. En die siener in 'n visioen raak nie aan die slaap nie—hy's steeds in sy sintuie, en sien dit.

69 Ek het dit verduidelik vir party dokters nou die dag, en hulle het opgestaan en gesê, "Wonderlik. Nooit eens aan soiets gedink nie." Toe ek 'n golftoets afgelê het en hulle gesê het hulle het nog nooit soiets gesien nie. Wel, het gesê, "Daar is iets wat met jou gebeur."

En ek het gesê… Ek het hulle vertel. Hulle het gesê, "Dis dit, presies."

Die twee bewussyne sit reg naby mekaar. Dis niks wat ek kon doen nie, en dit maak my niks meer as enigiemand anders nie. Dis net God wat dit so gemaak het. Jy raak nie aan die slaap nie—jy's net hier, net soos aan die slaap. Julle staan hier en kyk so uit en … almal van julle het dit gesien, om die wêreld.

Jy raak nie aan die slaap nie—staan hier op die platform en praat met mense. Julle hoor my in visioene gaan en terugkom wanneer ek in 'n motor saam met julle ry, enige ander plek, en julle dinge vertel wat gaan gebeur. Dit faal nooit. Dit het nooit. Het enigiemand dit ooit gesien faal? Nee, meneer. Dit kan nie faal nie. Dit sal nie faal solank dit God is nie. Let op, reg op die platform, duisende, voor

tienduisende mense, selfs in ander tale wat ek nie eens kan praat nie—steeds faal dit nie. Sien. Dis God.

70 Nou, in hierdie visioen, of soos ek gepraat het, het ek gekyk, en ek het 'n vreemde ding gesien. Nou, dit het gelyk asof my seuntjie, Josef, aan my sy was. Ek het met hom gepraat. Nou, as julle die visioen baie mooi dophou, sal julle sien waarom Josef daar gestaan het.

En ek het gekyk, en daar was 'n groot bos. En op hierdie bos in 'n konstellasie van voëls—klein voëltjies, omtrent halfduim lank en 'n halfduim hoog… Hulle was klein veterane. Hulle veertjies was platgeslaan. En daar was omtrent twee of drie op die boonste tak, ses of agt op die volgende tak, en vyftien of twintig op die volgende tak, het afgekom in die vorm van 'n piramide. Daardie klein kêreltjies ... klein boodskappers, en hulle was erg uitgeput. Hulle het ooswaarts gekyk.

En ek was by Tucson, Arizona, in die visioen. Want dit … het dit so bestem dat Hy nie wou hê ek moes faal om te sien waar dit was nie. Ek het 'n sandbraam uit die woestyn van my af gepluk. Ek het gesê, "Nou weet ek dit is 'n visioen, en ek weet dat ek by Tucson is. En ek weet dat daardie voëltjies daar iets voorstel." En hulle het ooswaarts gekyk. En ewe skielik het hulle 'n idee gekry om te vlieg, en het weggegaan na die ooste.

71 En sodra hulle vertrek het, het 'n konstellasie van groter voëls gekom. Hulle het soos duiwe gelyk—skerp gepunte vlerke, soort van 'n grys kleur, 'n bietjie ligter kleur as wat hierdie eerste klein boodskappers was. En hulle het vinnig na die ooste gekom.

Net so gou as wat hulle buite my sig gekom het, het ek weer gedraai om weswaarts te kyk, en daar het dit gebeur. Daar was 'n ontploffing wat werklik die hele aarde geskud het! Moet dit nou nie mis nie! En julle op band, wees seker julle kry dit korrek!

Eerstens, 'n knal! En ek het gedink dit het geklink soos 'n klankgrens, of wat jy dit ook al noem wanneer vliegtuie deur die klank breek, en die klank terugkom na die aarde. Dit het net geskud soos … gebrul, alles. Dan kon dit soort van 'n groot donderslag en weerlig gewees het. Ek het nie die weerlig gesien nie. Ek het pas daardie groot ontploffing gehoor wat uitgegaan het wat geklink het asof dit suid van my af was, na Mexiko.

72 Maar dit het die aarde geskud. En toe dit het, het ek steeds weswaarts gekyk, en ver weg in die ewigheid het ek 'n konstellasie van iets sien kom. Dit het gelyk asof dit klein kolletjies kon wees. Daar kon nie minder as vyf gewees het nie, en nie meer as sewe nie. Maar hulle was in die vorm van 'n piramide, soos hierdie boodskappers wat kom.

En toe dit het, het die krag van die Almagtige God my opgelig om hulle te ontmoet. En ek kan sien… Dit het my nooit verlaat nie. Agt dae het verbygegaan, en ek kan dit nog nie vergeet nie. Ek het nooit enigiets gehad wat my gepla het soos dit het nie. My familie sal julle vertel.

73 Ek kon daardie engele sien, daardie agtertoe-gevormde vlerke, wat vinniger beweeg as wat klank kon beweeg. Hulle kom van ewigheid af in 'n oogwink. Nie genoeg om jou oog te knip nie, net 'n wink, was hulle daar. Ek het nie tyd gehad om te tel nie. Ek het nie tyd gehad nie, nie meer as net kyk nie. Magtige, groot magtige engele, sneeuwit! Vlerke in koppe gesit en hulle was "Whew-wheeew," en toe dit gebeur het, is ek opgeneem in hierdie piramide konstellasie.

Ek het gedink, "Nou, dit is dit." Ek was oraloor verlam, en ek het gesê, "O, goeiste! Dit beteken dat daar 'n ontploffing sal wees wat my sal doodmaak. Ek is nou aan die einde van my pad. Ek moet nie vir my mense sê wanneer hierdie visioen weggaan nie. Ek wil nie hê hulle moet daarvan weet nie. Maar die hemelse Vader het my nou laat weet dat my tyd verby is. Ek sal nie vir my familie sê dat hulle oor my sal bekommer nie, 'want hy maak gereed om te gaan.' En hierdie engele het gekom vir my, en ek sal binnekort doodgemaak word in 'n soort van' n ontploffing."

Toe het dit na my gekom terwyl ek in hierdie konstellasie was, "Nee, dit is nie dit nie. As dit jou sou doodgemaak het, sou dit Josef doodgemaak het," en ek kon Joseph my hoor roep. Wel, toe het ek weer omgedraai en ek het gedink, "Here God, wat beteken hierdie visioen?"

En ek het gewonder, en toe kom dit na my toe. Nie 'n stem nie, kom net na my toe. "O! Dit is die engele van die Here wat kom om my my nuwe opdrag te gee!" En toe ek dit gedink het, het ek my hande opgesteek, en ek het gesê, "O, Here Jesus, wat wil U hê moet ek doen?" En die visioen het my verlaat. Vir bykans 'n uur kon ek nie voel nie.

74 Nou, julle mense weet wat die seëninge van die Here is. Maar die krag van die Here is heeltemal anders, die krag van die Here in daardie soort plekke. Ek het dit baie, baie keer tevore in visioen gevoel, maar nooit so nie. Dit voel soos 'n eerbiedige vrees. Ek was so bang dat ek verlam was in die teenwoordigheid van hierdie wesens. Ek vertel die waarheid. Soos Paulus gesê het, "Ek lieg nie." Julle het my nooit gevang om iets verkeerd te sê oor soiets nie. Iets maak gereed om te gebeur!

Toe na 'n rukkie het ek gesê, "Here Jesus, as ek doodgemaak gaan word, laat my weet sodat ek nie my mense hiervan sal vertel nie. Maar as dit iets anders is, laat my weet." Niks het geantwoord nie.

"Nadat die Gees my verlaat het vir omtrent 'n halfuur, dink ek, of meer, het ek gesê, "Here, as dit dan is dat ek doodgemaak gaan word, en U klaar is met my op aarde, en ek gaan nou huis toe geneem word … wat, as dit dit is, is dit goed. Dis in orde." So, ek het gesê, "As dit is, laat my weet. Stuur U krag weer terug op my. Dan sal ek weet om nie my mense, of enigiemand, daarvan te vertel nie, want U maak gereed om my te kom wegvang." En niks het gebeur nie. Ek het 'n rukkie gewag.

Toe het ek gesê, "Here Jesus, as dit nie dit beteken het nie, en dit beteken dat U iets vir my het om te doen, en dit sal later aan my geopenbaar word, stuur dan U krag." En dit het my amper uit die kamer geneem!

75 Ek het myself êrens in 'n hoek bevind. Ek kon my vrou hoor iewers 'n deur probeer skud. Die deur in die slaapkamer was gesluit. En ek het 'n Bybel oop gehad, en ek het gelees… Ek weet nie, maar dit was in, glo ek, Romeine, die 9de hoofstuk, die laaste vers, "Kyk, Ek lê in Sion 'n hoeksteen, 'n struikelblok, 'n kosbare hoeksteen, en elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie."

Ek het gedink, "Dis vreemd dat ek dit sou lees," Gees het my steeds in die kamer gehou. Ek het die Bybel toegemaak en daar gestaan. Ek het oorgegaan na die vensters, omtrent tienuur in die dag, of later, en ek het my hande opgesteek, en ek het gesê, "Here God, ek verstaan nie. Hierdie is 'n vreemde dag vir my. En ek is buite myself, amper."

Ek het gesê, "Here, wat beteken dit? Laat ek dit weer lees, as dit U is." (Nou, dit klink kinderagtig.) En ek het die Bybel opgeneem, dit oopgemaak. Daar was dit weer by dieselfde plek—Paulus het die Jode vertel dat hulle probeer het om … vir die Romeine te sê dat die Jode dit deur werke probeer aanvaar het, maar dis deur geloof dat ons dit glo.

76 Wel, dit was 'n vreeslike tyd sedertdien. Nou sien julle waar ek staan. Ek weet nie wat gebeur nie. Ek weet nie wat om te sê nie. Maar nou, laat my nou, van nou af aan, vir die volgende ongeveer vyftien, twintig minute, laat ek nou iets hier probeer sê. Onthou, nie een keer het daardie visioene ooit gefaal nie.

Nou, ek gaan die Skrifte vir 'n oomblik neem. As julle oplet, in Openbaring, die 10de hoofstuk… Nou, laat ek dit sê: As die visioen skriftuurlik is, kan dit slegs deur die Skrif geïnterpreteer word. En dan wil ek hê julle moet dit bymekaar sit. Nou, julle teenwoordig en julle op band, wees seker julle sê dit soos ek dit sê, want dit kan baie maklik misverstaan word. (Is julle haastig? Goed. Net… Ek dank julle dat julle so stil en gaaf is.)

77 Nou, die sewende engel… Nou, menere (soos ek dit getitel het), is dit die teken van die eindtyd? Waar woon ons? Watter tyd van die dag is dit? Soos die vermoeide stoeier deur die nag opstaan en die horlosie aangeskakel om te kyk wat dit is—die lig aanskakel—my gebed is, "God, laat ons die lig aanskakel." Ek staan in 'n verskriklike plek, as julle dit maar geweet het. Onthou, ek sê julle in die Naam van die Here, ek het julle die waarheid vertel! En iets maak gereed om te gebeur! Ek weet nie. Nou, julle op band, begryp dit? Ek weet nie! Ek gaan probeer ... wat gister by my opgekom het in my kamer. Ek sê nie dat dit die waarheid is nie. Dit was net iets wat in my hart beweeg het toe ek oor die vloere geloop het.

Ek was veronderstel om af te gaan … 'n tydjie weg te gaan en saam met Charlie af te kom en saam met hom te gaan jag eendag, voor ons van mekaar moes skei.

78 Laat ek sê, dat omdat ek wes gaan, dit nie is dat ek hierdie Tabernakel verlaat nie. Hierdie is die kerk wat die Here God my gegee het. Hier is my hoofkwartier. Hier is waar ek bly. Ek gaan net in gehoorsaamheid aan 'n gebod wat my gegee is deur visioen. My seun, Billy Paul, sal my sekretaris bly. My kantoor sal net hier by hierdie kerk wees.

Met die hulp van God sal ek hier wees wanneer hierdie ding klaar is, en die sewe seëls preek. En enige bande wat ek maak, of enigiets anders, sal net hier by hierdie kerk gemaak word. Net hier, sover ek weet, is die plek waar ek met meer vryheid kan preek as wat ek enige ander plek in die wêreld kan—as gevolg van die groep mense hier wat glo, en honger is en vashou. En hierdie voel soos tuis vir my. Hierdie is die plek. En as julle oplet, die droom het dieselfde ding gespreek, sien, waar die kos…

Nou, maar ek weet nie wat in die toekoms lê nie. Maar ek weet Wie die toekoms hou. Dis die belangrikste ding.

79 Nou, God, as ek verkeerd is, vergewe my en sluit dan my mond, Here, vir enigiets wat nie U wil is nie. Ek doen dit net omdat ek beweeg is, Here. Mag die mense verstaan—net beweeg.

Die rede waarom ek dink die interpretasie het nooit onmiddellik gekom nie, dit was deur die

soewereiniteit van God, want ek glo dit is hier in die Bybel vir my geskryf. En dan as dit Skriftuurlik is, is dit net die Skrif wat dit kan interpreteer. En as dit waar is, broer, suster, ek bedoel nie om julle bang te maak nie, maar ons beter nou baie versigtig wees. Ons maak gereed om … iets maak gereed om te gebeur.

En ek sê dit met eerbied en die vrees van God. Dink julle ek sou hier staan … en julle mense glo selfs in my om 'n profeet te wees. Ek maak nie daarop aanspraak om te wees nie. My emosie was dit. Verlede jaar het ek gesê, "Enigste ding wat ek gesien het, die herlewing is verby in die nasie—of hierdie nasie in elk geval." Ek het 'n evangelistiese toer onderneem—baie van julle het saam met my gegaan. O, dit was in orde. Ons het groot tye gehad, goeie dienste, baie skares. Maar dit het net nie die kol getref nie. Hierdie jaar onderneem ek 'n sendingtoer. Sodra ek kan, gaan ek na Afrika, Indië, en om die wêreld, as ek kan, op nog 'n sendingtoer.

As dit nie werk nie, dan neem ek nie water of kos nie, en ek klim party van daardie hoë berge daar oorkant, en ek gaan daar bly totdat God op een of ander manier antwoord. Ek kan nie so lewe nie. Ek kan net nie voortgaan nie. Dit mag die antwoord hier wees. Ek weet nie. Totdat Hy my verander…

80 Onthou julle die visioen, omtrent drie weke gelede, staan in die son, preek vir die gemeente? Julle was almal hier verlede Sondag, baie Sondae. Julle mense hier wat die bande kry en hier is wanneer dit gemaak word, julle verstaan hierdie dinge, want nou sal ek net hierdie plekke tref, en julle hou dit dop. Net selfs elke stukkie daarvan wat gesê is, tipeer reg hierin. So, dit moet die interpretasie wees. Ek weet nie. Dis waarom ek sê, "Menere, is dit dit?"

81 Ek glo dat die sewende engel van Openbaring 10 die sewende kerkeeu boodskapper van Openbaring 3:14 is. Onthou… Nou, laat ek lees, kyk waar ek kan lees. Nou, hierdie was die sewende engel.

Maar in die dae van die stem van die sewende engel [7de vers] wanneer hy die basuin sal blaas, dan sou die verborgenheid van God volbring wees soos Hy aan Sy diensknegte, die profete, verkondig het.

Nou, julle let op, hierdie was 'n engel; en dis die engel van die sewende kerkeeu, want dit sê hier dit is die sewende engel van die sewende kerkeeu. Dit gevind? As julle wil sien wie … of waar die engel is—Openbaring 3:14. Dis die engel vir die Laodicése kerk.

82 Nou, julle onthou toe dit daar vertel is, die engele in die kerkeeue. Nou, hierin sal dit inpas by hierdie sewe seëls waaroor ons kom praat. Die sewe seëls waarvan ons probeer praat wanneer ons hierdie keer kom, is die sewe geskrewe seëls. En hierdie sewe seëls, soos julle weet, is net die manifestasie van die sewe engele van die sewe kerke. Maar daar is sewe ander seëls wat aan die agterkant van die boek is—buite die Bybel. Let op, ons sal daarby kom binne 'n oomblik.

Nou, voor ek dit begin, is julle moeg? Sou julle wou staan, van posisie verander?

83 Nou, luister aandagtig. Die sewende engel van Openbaring 10:7 is die sewende kerkeeu boodskapper, sien. Nou kyk. "In die dae…" Nou kyk hier.

Maar in die dae van die stem van die sewende engel, wanneer hy begin weerklink, sou die verborgenheid van God volbring wees.

Nou, basuin blaas voort, hierdie boodskapper, die sewende engel hier, gee sy boodskap aan die Laodicése kerk. Let op sy tipe boodskap. Nou, dit was nie vir die eerste engel nie (was dit nie gegee nie), tweede engel, derde, vierde, vyfde, sesde; maar dit is die sewende engel wat hierdie tipe boodskap gehad het. Wat was dit? Let op sy tipe boodskap: voltooi al die verborgenhede van God wat in die Boek geskryf is. Die sewende engel is besig om al die verborgenhede op te los wat deur hierdie organisasies en denominasies losgelaat is. Die sewende engel maak hulle bymekaar en voltooi die hele verborgenheid. Dis wat die Bybel sê—maak die verborgenheid van die geskrewe Boek klaar.

84 Nou, laat ons let op 'n paar van hierdie verborgenhede, en as julle wil, skryf hulle neer. Eerstens sal ek neem wat Scofield hier in Matthéüs 13 sê, as julle sommige van hulle wil neerskryf. As jy nie 'n Scofield Bybel het nie, kan jy lees wat hy dink sommige van die verborgenhede is.

Nou, in die 11de vers:

En Hy antwoord en sê vir hulle: Omdat dit aan julle [Sy dissipels] gegee is, is dit aan julle gegee om die verborgenhede van die koninkryk van die hemele te ken, maar nie aan hulle nie, maar aan hulle is dit nie gegee nie [die verborgenhede].

Hier is die verborgenheid: 'n Verborgenheid is skrif … is 'n voorheen verborge waarheid, nou goddelik geopenbaar, maar wat is … 'n bonatuurlike element bly steeds oor, ten spyte van die openbaring. Die groter verborgenhede en die groot verborgenhede is:

85 Nommer 1: Die verborgenheid van die koninkryk van die hemele. Dis die een waaroor ons nou praat.

Matthéüs 13:3-15.

Die 2de verborgenheid is die verborgenheid van Israel se blindheid gedurende hierdie eeu. (Romeine 11:25 met die konteks.)

Die 3de verborgenheid is die verborgenheid van die vertaling van die lewende heiliges aan die eindtyd van hierdie eeu. (I Korinthiërs 15, en ook I Thessalonicense 4:14-17.)

Die 4de verborgenheid, van die Nuwe Testament kerk as een liggaam, saamgestel uit beide Jode en Heidene. (Efésiërs 3:1-11, Romeine 16:25, en ook Efésiërs 6:19, Kolossense 4:3.)

Die 5de verborgenheid is van die kerk, as die Bruid van Christus. (Efésiërs 5:28-32.)

Die 6de verborgenheid is van die lewende Christus, dieselfde gister, vandag en vir ewig. (Galásiërs 2:20 en Hebreërs 13:8, en baie plekke soos dit.)

Die 7de verborgenheid is van God, selfs Christus, soos die geïnkarneerde volheid van die Godheid vergestalt, in wie alle goddelike wysheid en godsaligheid aan die mens herstel is.

Die 9de verborgenheid is die verborgenheid van ongeregtigheid gevind in II Thessalonicense, ensovoorts.

Die 10de verborgenheid is van die sewe sterre van Openbaring 1:20. (Ons is pas daardeur. Die sewe sterre en die sewe kerke, die sewe boodskappers, ensovoorts.)

En die 11de verborgenheid is Groot Babilon, die prostituut. (Openbaring 17:5-7.)

86 Dis party van die verborgenhede wat hierdie engel veronderstel is om af te handel … al die verborgenhede van God. En die ander een (mag ek dit met eerbied sê en nie na myself verwys nie, maar verwys na die engel van God): die saad van die slang, wat 'n verborge verborgenheid was deur al die jare; die genade reggemaak—nie skande nie, maar ware egte genade; nie soiets soos 'n ewige brandende hel nie. Jy sal brand vir miljoene jare, maar enigiets wat ewig is, het nooit begin of einde nie, en die hel is geskep—al hierdie verborgenhede.

Die verborgenheid van die doop van die Heilige Gees—sonder sensasie, maar die persoon van Christus wat in julle dieselfde werke verrig wat Hy gedoen het. Die verborgenheid van waterdoop, waar die uitermatigste trinitarisme dit gebring het in titels van Vader, Seun, Heilige Gees; en die verborgenheid van die Godheid wat vervul is in die doop in die Naam van Jesus Christus volgens die boek van die Openbaring, wat die kerk in hierdie tyd sou ontvang. Daar is sommige van die verborgenhede.

Die vuurkolom wat terugkeer. Amen! Dis die ding wat veronderstel is om plaas te vind, en ons sien dit!

87 O, hoe sou ons kon voortgaan om die verborgenhede te noem. Het daardie vuurkolom gesien wat die kinders van Israel gelei het—dieselfde een wat Saulus platgeslaan het op sy pad na Damaskus, en dieselfde een wat met dieselfde krag gekom het, dieselfde dinge gedoen het, en dieselfde Woord geopenbaar het, woord vir woord gebly het met die Bybel.

Die weerklink van die basuin beteken evangelie basuin. En die weerklink van 'n basuin in die Bybel beteken maak gereed vir Skriftuurlike oorlog. Kry julle dit neer? Skriftuurlike oorlog. Paulus het gesê (As julle dit wil neerskryf, I Korinthiërs 14:8), het Paulus gesê, "As die basuin 'n onseker klank gee, hoe sal 'n mens weet waarvoor om voor te berei?" En as dit nie 'n Skriftuurlike klank het, bevestig, 'n bevestiging van die Woord van God wat gemanifesteer word nie, hoe sal ons weet aan die eindtyd?

As dit sê hulle glo dat Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir ewig, maar ontken Sy tekens en wonders dat die hele sfeer van die natuur in Hom geglo het, en die hele kerk hierdeur in Hom geglo het, hoe sal ons weet hoe om voorberei?

88 Iemand het na vore gekom met 'n kaart en dit alles uitgeteken, en iemand het na vore gekom met 'n ander ding en het dit alles uitgeteken teenstrydig met hierdie een. Party het na vore gekom en gesê, "Dit is dit," teruggekom hierna, en ander het boeke geskryf en sulke dinge.

Maar God kom in die krag van Sy opstanding, en wie gaan daarteen praat? As Jesus Christus dieselfde is gister, vandag, en vir ewig, doen Hy dieselfde wat Hy gister, vandag, en vir ewig gedoen het. Dis wat hierdie engel veronderstel is om te doen—neem daardie verborgenhede, daardie los punte, waarop mense uitloop.

Let op, as dit 'n onseker klank gee, onskriftuurlik, wie kan homself voorberei? Maar 'n basuin… Het julle opgelet in elkeen van daardie eeue, soos ek julle vertel het van die kerk wat inkom, het daar 'n basuin weerklink, 'n seël het losgeskeur. En 'n basuin beteken oorlog! As dit nie 'n Skriftuurlike klank gee nie, wat daarvan?

Maar laat ek dit tot julle gedagtenis roep. Moet dit nou nie mis nie.

89 Let op, elke kerkeeu het sy boodskapper gehad. Ons weet dit. Paulus was die eerste boodskapper. En toe die eerste basuin weerklink het, en die eerste seël losgeskeur is, was Paulus die eerste boodskapper soos ons gevind het. Wat het hy gedoen? Oorlog verklaar. Waarop? Die ortodokse kerk omdat hulle nie die Messiaanse teken geglo het wat Jesus vir hulle voortgebring het nie.

Wel, hulle moes dit geweet het! Hulle moes geweet het. Onthou Paulus het gekom aan die einde van die eeu—al die boodskappers het gekom by die einde van die eeu. Dis by die eindtyd wanneer hierdie dinge voortgebring word.

Paulus, wat die Skrifte geken het, en geweet het dat Jesus die Messias was.... En hy het elkeen van daardie sinagoges van plek tot plek gekritiseer met die Skrifte, en was uit elkeen van hulle gesit totdat hy die stof van sy voete afgeskud en na die Heidene gedraai het.

90 Wat was dit? Geblaas van 'n basuin! 'n Engel boodskapper wat daar staan met die Woord. O, goeiste! Julle moet dit nie nou mis nie! Die Woord! En Paulus, met die onvervalste interpretasie van God se Woord, het elkeen van daardie sinagoges gekritiseer. Het hom sy lewe gekos.

Hoe ons kon afgaan na Irenaeus, die boodskapper van die volgende kerkeeu; en Sint Martin, die volgende kerkeeu, toe hulle die doktrine van die Nikolaïete begin kry het—het begin inkom. Hulle het daardie eeu gekritiseer. Sint Martin het sy eeu gekritiseer.

En toe Luther, die vyfde boodskapper, het hy daardie Katolieke kerk gekritiseer met die Woord van God. "Die regverdige sal deur geloof lewe," het hy gesê; en "Hierdie is nie die letterlike liggaam van Christus nie." En hy het die Nagmaal op die vloer gegooi, uitgestap, en daardie Katolieke kerk gekritiseer! Daardie basuin het weerklink. Dis reg. Dit reg?

91 John Wesley, opgestaan in die dae van die Anglikaanse kerk toe hulle gesê het, "Daar's nie meer rede om herlewings te hê nie," en dit het na die saad gegaan. Maar John Wesley het opgestaan met 'n boodskap van die tweede werk van genade—heiligmaking. En hy het daardie Anglikaanse kerk gekritiseer met die evangelie basuin—voorbereid vir oorlog. Dis reg. Hy het dit gedoen.

Nou, ons is in die Laodicése eeu, wanneer hulle weer gedenomineer het—Metodiste, Baptiste, Presbiteriaanse, Lutherse, Pinksters—en ons soek na 'n profeet om te kom om hierdie eeu te kritiseer, en hulle van hulle ongeregtighede terug te draai.

Nou, as dit die trant was al die pad af deur die eeu, sal God Sy trant in hierdie dag verander? Hy kan dit nie verander nie. Hy moet die gewone trant hou. Onthou, hierdie boodskapper was die sewende engel, en hy moes al die verborgenhede neem en hulle bymekaarmaak.

92 Let op, die sewende engel moes die ryk Laodicése kerk kritiseer. "Ek is ryk, vermeerder in goedere, en het niks nodig nie." Hy het gesê, "Jy is beklaenswaardig, ellendig, arm, blind, en naak, en weet dit nie." Dit was sy boodskap.

O God, stuur vir ons 'n vreeslose profeet met "SO SPREEK DIE HERE" dat die bevestigde Woord van God daardeur sal beweeg, en bewys dat hy van God gestuur is. En wanneer hy kom, sal hy daardie eeue kritiseer. Sekerlik sal. Hy sal daardie Laodicése kerk teen hom stel. Sekerlik sal hy. Hulle het in elke ander eeu. Dit sal nie verander in hierdie eeu nie. Dit moet dieselfde wees.

93 Let op, nou, die Laodicése kerk. Die boodskapper sal klaarmaak, van die Laodicése … die sewende engel sal al die verborgenhede voltooi wat tevore verlore gegaan het in die gevegte vir die waarheid.

Luther het opgestaan, maar hy het nie al die waarheid gehad nie. Hy het net regverdigmaking gehad. Reg. En 'n ander boodskapper genaamd John Wesley het gekom met heiligmaking. Hy het dit nie gehad nie. Die Bybel het gesê… Die Filadelfiese kerk. Dan kom die Laodicése kerkeeu met die doop van die Gees, maar hulle het dit alles deurmekaar gemaak en reguit teruggegaan na formalisme soos hulle die eerste plek gedoen het—toe Hy na gekyk moes word as Alfa en Oméga, Sy hand wat een manier lê, en een manier—die eerste en die laaste.

94 Sy Gees het op die Pinksterdag geval en daardie groep gevul. Sy het geleidelik uitgedreineer, totdat dit by die Donker Eeue gekom het, die sewe goue kandelare, die sewe kerkeeue. Die laaste was die verste weg van Hom af. Dit was byna 'n duisend jaar van Donker Eeue, die Katolieke kerk. Luther het die volgende lig begin bring, 'n bietjie nader aan die Woord. Die volgende lig kom 'n bietjie nader. Die volgende lig, die Laodicése. Toe het dit reguit teruggekom soos dit in die eerste plek was, het reguit afgegaan in dieselfde gemors wat dit in die eerste plek het. Sien julle nie wat ek bedoel nie?

95 Nou kyk. Daar's 'n klomp waarheid verlore daar buite. Hoekom? Waar ander toegegee het oor die waarheid. Maar hierdie sewende engel gee nie toe op niks nie! Hy maak al die los punte bymekaar—maak hulle almal bymekaar. En met sy weerklank behoort al die verborgenheid van God voltooi te wees. God

het hom gestuur. Al die verborge verborgenhede was beëindig toe hy… Dit is aan hom geopenbaar.

Deur wat? As hierdie verborge verborgenhede is, sal die man 'n profeet moet wees. En het ons nie net deurgekom en gesien dat die profeet wat in die laaste eeu sou kom, daardie groot Elía sou wees waarna ons gesoek het nie? want hierdie verborgenhede wat weggesteek is vir die teoloë, sal deur God geopenbaar moet word. En die Woord kom slegs na die profeet, en ons weet dit. Hy sal die tweede Elía wees, soos belowe. O, goeiste! Die boodskap wat hy sal bring sal die verborgenhede van al hierdie dinge wees.

96 Ons het waterdoop—dis alles deurmekaar. Dis reg. Een besprinkel; een giet. Een neem Vader, Seun, Heilige Gees; een neem *dit*. Een doop drie keer gesig vorentoe—een vir 'n God genaamd "Vader," 'n ander een vir 'n God genaamd "Seun," 'n ander een vir 'n God genaamd "Heilige Gees"; die ander een sê, "Jy's verkeerd. Jy moet drie keer agtertoe doop, op daardie manier." En o, wat 'n gemors!

Maar die hele ding is voltooi. Wel, daar's net een God. En Sy Naam is Jesus Christus, en daar is nie 'n ander naam onder die hemel waardeur julle gered moet word nie. Daar is nie een teks van die Skrif, nêrens in die Bybel, waar iemand ooit gedoop is op enige ander manier behalwe in die Naam van Jesus Christus nie. Nie een keer was enige van die nuwe kerk … of die kerk van Jesus Christus ooit besprinkel, begiet, of enigiets anders nie. Nie een keer is ooit 'n seremonie gebruik, "Ek doop jou in die naam van die Vader, Seun, Heilige Gees." Dis geloofsbelydenisse en dinge. En in die stryd om die waarheid, het daardie doele verlore gegaan. Maar God het gesê hulle sal weer herstel word in die laaste dag. "Ek sal herstel, sê die Here." Ons het daardeur gegaan nie lank gelede nie, "Die Bruidboom."

97 Dit sal 'n profeet neem. Die Bybel sê dat hy hier sou wees. Dis reg. Maleági 4 sê dat hy hier sal wees, en ons glo dat hy sal. Ons soek na hom, en ons soek na sy manifestasie. En ons sal die bevestigde Woord van God sien.

Daar sal net 'n paar dit verstaan. "Soos dit was in die dae van Noag, so sal dit wees in die koms van die Seun van die mens." Wat is gered? Vyf siele. In die dae van Lot, was daar eintlik drie gered. Die vrou het begin en verloor. So sal dit wees met die koms van die Seun van die mens. Daar sal baie min gered, verander wees, in daardie tyd—een van die verborgenhede van daardie kerk wat opgeneem word. Soos, Lot is uitgeneem; Noag is opgeneem. En die kerk sal ook opgeneem word. Een het ingegaan, en een het uitgegaan, en die ander een gaan op. Sien, dis presies, perfek.

Die Woord kom.

98 Die boek wat in die binnekant geskryf is, is dan voltooi, wanneer al hierdie verborgenhede klaar geweerklink is.

Nou, laat ek dit weer lees, sodat julle seker sal wees. Nou kyk:

Maar in die dae van die stem van die sewende engel [die laaste engel], wanneer hy die basuin begin blaas, sou die verborgenheid van God verby wees…

Nou, wat is die verborgenheid van God, een van hulle? Paulus het gesê in 1 Timótheüs 3 (glo ek dit was), het gesê, "Sonder omstredenheid is die verborgenheid van die godsaligheid groot, want God is gemanifesteer in die vlees." "Ons het Hom hanteer, Hom in heerlikheid ontvang gesien, getuig deur engele, bevestig hier op aarde—God was."

Sekerlik, dis 'n groot verborgenheid, maar dis alles opgelos. Nie Vader, Seun, en Heilige Gees—drie Gode nie—maar een God in drie ampte: die Vaderskap onder Moses, die Seunskap onder Christus, die Heilige Gees onder hierdie bedeling. Drie dispensasies van dieselfde God—nie drie Gode nie. Die verborgenheid is nou klaar. Die Bybel het gesê dit moet wees.

99 Ek het nou die dag gesien waar die wetenskaplikes my probeer weerspreek in wat hulle altyd gesê het. Toe ek gesê het, "Enigiemand wat geglo het dat Eva 'n appel geëet het...!" Nou, wetenskap sê (julle sien nou die dag in die koerant met groot opskrifte) sy het 'n appelkoos geëet. Onsin! Sou dit haar verlei? Sien, hulle is net…

Dis wat Kain gedink het, julle weet. Hy het dieselfde ding teruggebring, maar God het nie sy offer ontvang nie. En Abel, regverdig ... was aan hom geopenbaar dit was bloed, en hy het die bloed gebring. O, God, hierdie kerk en die eeu waarin ons lewe!

100 Die boek wat binne-in geskryf is, word dan voltooi wanneer hierdie engel ophou (nou, verstaan dit asseblief) ... wanneer die sewende engel se boodskap voltooi is: die Godheid verborgenheid, die slang se saad verborgenheid, al die ander verborgenhede van al hierdie dinge, ewige seunskap, waaroor hulle praat. Hoe kan Hy 'n ewige seun wees, wanneer die ewigheid nooit begin het of nooit eindig nie? En 'n seun is iets wat verwek is. Hoe kan dit sin maak?

Hoe kan daar 'n ewige hel wees, wanneer hel geskep is? Ek glo in 'n brandende hel. Sekerlik. Die

Bybel het so gesê. Maar dis om te vernietig. Die Bybel het gesê, "Geseënd is hy wat nie deel het aan die tweede dood nie," sien. Sien, jy sal nie vernietig word deur tweede dood nie. Die eerste is 'n fisiese. Die tweede is 'n geestelike dood wanneer alles klaar is. Die siel wat sondig, daardie siel sal sterf. Jy sal vir jou sondes gestraf word, miskien deur die honderdduisende jare.

Maar daar kan nie 'n ewige hel wees nie, want die Bybel het gesê die hel is geskep. Hoe kan dit geskep word en ewig wees? As daar ooit was… Die Bybel het gesê hel is geskep vir die duiwel en sy engele. En dan as dit geskep is, kan dit nie ewig wees nie; want ewig … enigiets ewigs het nooit 'n begin of 'n einde gehad nie.

Dis hoe ons nooit kan sterf nie, want ons was altyd. Ons is deel van God, die nageslag van God, en Hy is die enigste ewige ding wat daar is. Amen. Jy kan nie meer sterf as wat God kan sterf nie, want jy is ewig met Hom. Amen! Laat dit kom! Halleluja! Raak soort van moeg vir hierdie ou peshuis in elk geval.

101 Let op, die boek geskryf. Wanneer hierdie engel al hierdie onklaar bedienings beëindig het wat deur die stryd wat hulle geveg het… Luther het geveg, en Wesley het geveg, en die Pinksters het geveg. Maar daar kom een, sê die Bybel, dat in die dae van sy basuin geklank, al hierdie verborgenhede… Die Eenheid het afgegaan op Jesus se Naam. Die Drie-eenheid het afgegaan op Vader, Seun, Heilige Gees, net soos hulle by die Niceense Raad gedoen het. Dieselfde ding. Hulle albei was verkeerd. Maar nou, in die middel van die pad in die Skrifte, lê dit die waarheid uit. Sien julle waarby ons is? Die engel van die Here.

102 Let op, Openbaring 5:1. Luister nou hierna.

En ek het in die regterhand van Hom wat op die troon sit, 'n boek gesien wat aan die binnekant geskrywe was, met sewe seëls verseël.

Nou, daar is skrif aan die binnekant van die boek, maar die agterkant het sewe seëls op die agterkant gehad wat nie in die boek geskryf was nie. Nou, hierdie is die openbaarder wat praat—Johannes. Nou, onthou, dit was nie in die boek geskryf nie. "En in die dae van die stem van die sewende engel behoort al hierdie verborgenheid wat binne-in geskrywe is, volbring te wees." Daar behoort na dit omgesien te word in daardie dag.

Sien julle nou wat ek bedoel? Volg julle my?

Dan is die tyd vir die sewe stemme van Openbaring 10 om geopenbaar te word. Wanneer die boek klaar is, is daar net een ding oor, en dis die sewe geheimsinnige stemme van donderslae wat geskryf is aan die agterkant van die boek wat Johannes verbied was om te skryf. Laat ek dit lees.

En ek het gesien hoe 'n engel, 'n magtige engel uit die hemel neerdaal, bekleed met 'n wolk; en 'n reënboog was op sy hoof, en sy gesig was soos … die son, en sy voete soos pilare van vuur.

En hy het 'n oop boekie in sy hand gehad: [Sien, kyk nou hierna.] En hy het sy regtervoet op die see gesit, … sy linker … op die aarde.

En hy het met 'n groot stem uitgeroep soos 'n leeu wat brul, en toe hy uitgeroep het, het sewe donderslae hulle stemme laat hoor. [Kyk!]

En toe die sewe donderslae hulle stemme laat hoor het, wou ek skryf: [Daar was iets gesê. Dit was nie net 'n geraas nie. Iets is gesê. Hy wou skryf.] En ek het 'n stem uit die hemel vir my hoor sê

103 [Kyk waar die stemme was in die donderslae—nie in die hemel nie; op aarde. Die donderslae het nooit uit die hemele geuiter nie; en hulle het van die aarde af gespreek.] En toe ek dit wou skryf, het ek 'n stem uit die hemel vir my hoor sê: Seël [hoofletter S-e-ë-l] daardie dinge wat die sewe donderslae geuiter het en skryf dit nie.

Dit is aan die agterkant. Wanneer 'n boek voltooi is… Nou Hy het nie gesê aan die voorkant nie; Hy het gesê aan die agterkant. Nadat dit alles klaar voltooi is, dan is hierdie sewe donderslae, stemme, die enigste ding wat vaskleef aan die boek wat nie geopenbaar is nie. Dit is nie eens in die boek geskryf nie.

O, goeiste! Ek wens ek kon dit kry, dat die mense eintlik kon… Moenie faal nie! Moenie faal nie … asseblief nie hierdie keer nie. Ek maak gereed om julle te verlaat. Moenie faal nie! As julle ooit geluister het, luister. Hierdie seëls is aan die agterkant van die boek, en teen die tyd dat die sewende engel se basuin weerklink, is al die verborgenhede wat in die boek geskryf is, voltooi. En onmiddellik is die boek wat oop en binne-in geskryf was, toegemaak! Die verborgenhede van God is klaar. En dit is die verborgenhede van God—die gaan van die kerk, en al hierdie ander dinge. Die verborgenhede is verby.

104 Wanneer daardie sewende engel elke verborgenheid uitbasuin, is dit verby. Laat hom wees wie hy mag, wat dit ook al mag wees, God se Woord kan nie faal nie. En Hy het gesê,

Maar in die dae van die stem van die sewende engel as hy begin weerklink, sou die verborgenheid van God volbring wees soos Hy aan sy diensknegte, die profete, verkondig het.

Al daardie dinge—soos Rome wat die hoer is, en al die Protestantse kerke, denominasies, denominasie na haar, het haar hoere geword, sien—al daardie verborgenhede waarvan die profete gepraat het, sal net hier geopenbaar word in hierdie laaste uur. En wanneer hierdie sewende engel opstaan in die Laodicése eeu en die ware basuin begin weerklink, omdat dit teenstrydig sal wees, sal hulle dit nie glo nie. Hulle sal dit beslis nie glo nie. Maar dit sal 'n geïnspireerde profeet wees, want daar is geen manier om dit uit te dink nie.

Mans probeer die drie-eenheid uitwerk en word gryskop en word mal. Niemand kan dit verstaan nie. Hulle sê, "Ons glo Eva het 'n appel geëet," en al daardie dinge, want dis tradisie waaraan die mens vasgehou het—net soos Jesus die kerk gevind het. Maar dit sal 'n goddelik geleide profeet moet wees vir die Woord van God om na hom te kom met die ware interpretasie van die openbaring van Jesus Christus! So dan, dit moet so wees! God help ons.

105 Nou, wanneer sy basin weerklink… Nou dis "SO SPREEK DIE HERE." Ons het dit duidelik. Wanneer hy sy boodskap laat hoor, oorlog verklaar—soos Paulus het teen die ortodokse, soos die res van hulle het, soos Luther, Wesley, teen die organisasie—wanneer hy oorlog verklaar, en vir hulle sê hulle lieg, en dis nie die waarheid nie en hulle mislei mense, wanneer hy voort basuin… Jy kan nie faal nie. Dit sal nie faal nie, want hy sal bevestig word deur die Woord van God. Jy sal presies weet wat dit is. En wanneer hy dit doen, basuin hy uit om uit Babilon te roep, "Kom uit haar uit, My volk, dat julle nie deelgenote van haar sondes moet wees nie." God, stuur hom. Moet dit nie mis nie.

106 Nou, wanneer hy begin basuin, sal die verborgenheid voltooi wees. Nou, let op. Dan is dit tyd vir die sewe seëlstemme van Openbaring 10 om geopenbaar te word. Verstaan julle? Wanneer al die verborgenhede van die boek voltooi is… En die Bybel het hier gesê dat hy die verborgenhede sou voltooi.

Toe mense destyds in ander eeue geveg het vir waarheid… Hulle het geveg vir regverdigmaking. Hulle het 'n rukkie aangegaan. Heiligmaking—hulle het *hiervoor* geveg, en hulle het *daarvoor* geveg, hulle het *hiervoor* geveg. Wat het hulle gedoen? Het reg omgedraai en daarin georganiseer. Dieselfde ding. Pinksters, en die Baptiste, Presbiteriane, Lutherane, en elkeen het dieselfde ding gedoen; reg omgedraai en dieselfde ding gedoen. En die Bybel het gesê in Openbaring 17 dis wat hulle sou doen—ou moeder hoer en haar dogters, Groot Babilon.

107 Die Bybel sê hier dat dit een van die verborgenhede sou wees wat ontvou sou word. Protestante—prostitute—wat geestelike hoerery pleeg, mense lei deur denominasies, met hulle beker van ongeregtigheid van mensgemaakte doktrine; en trek hulle weg van die fontein gevul met bloed, waar die krag van die Almagtige God vrylik vloei om Jesus Christus te manifesteer!

As dit waar is, dan sal God dit ondersteun. En Hy het dit gedoen, en Hy sal voortgaan. Maar wanneer dit gebeur, is die Woord klaar.

Nou, daar's net een ding oor. Dis sewe donderslae wat ons nie ken nie. En dit sou nie tevergeefs gedonder het nie. God doen nie iets net om te speel nie. Ons speel en tree dom op, maar nie God nie. Alles by God is ja en nee. Hy skeer nie gek nie. Hy maak nie grappies nie. Hy bedoel wat Hy sê, en Hy sê niks tensy daar iets betekenis daaraan het nie.

108 En sewe donderslae reg in die openbaring, hier, van Jesus Christus, dis een of ander verborgenheid. Sê die Bybel nie dat dit die openbaring van Jesus Christus is nie? Wel, daar's dan een of ander verborge verborgenheid daarvan. Mmm. Wat is dit? Die sewe donderslae het dit, want Johannes wou net skryf. En 'n stem het uit die hemel neergedaal en gesê, "Moet dit nie skryf nie, maar verseël dit. Verseël dit. Sit dit aan die agterkant van die boek." Dit moet geopenbaar word. Dis die verborgenhede.

Nou, ons het hierdie dinge opgelos deur die Heilige Gees. Dit is vir ons gesê dit was nie appels nie. Dit was seksueel. Het vir ons hierdie dinge gesê. Daar is niemand in staat om voor dit te staan nie. Ek het nog nooit 'n prediker in my lewe gesien saamstem daarmee nie. Maar ek het hulle gevra…

109 Julle weet in Chicago, toe ons voor hulle gestaan het, omtrent 350 predikers… Julle vroue hier van Chicago, julle was daar en het daarvan gehoor. En die Here het vir my gesê drie aande tevore, Hy het gesê, "Hulle gaan 'n strik vir jou stel." Hy het gesê, "Staan by die venster, en Ek sal jou wys."

Hy het gesê, "Mnr. Carlson en Tommy Hicks sal jou môreoggend ontmoet, wil na ontbyt gaan, en jy sê vir Tommy om te bly. Maar," het gesê, "hier is hoe dit sal lyk. Sê vir hulle dat hulle nie daardie byeenkoms gaan hê in die plek waaraan hulle dink nie. Hulle gaan in 'n ander plek wees. Hy het gesê, Moenie vrees nie, Ek sal met jou wees." Dis goed genoeg vir my.

Die volgende oggend het Mnr Carlson, president van die Volle Evangelie Sakemanne, gekom, gesê … my gebel en gesê, "Broer Branham, ek wil saam met jou na ontbyt gaan."

Ek het gesê, "Goed." (Ek het gesê, "Sien dat Tommy Hicks ook daar is.")

Het afgegaan na Town and Country en hy het gesê, "Wel, Broer Branham," het hy gesê, "o, dit is wonderlik…"

Ek het gesê, "Tommy, sal jy vir my 'n guns doen?"

"Sekerlik, Broer Branham."

Ek het gesê, "Ek wonder of jy namens my sal praat?"

Hy het gesê, "O, ek kon dit nie doen nie."

Ek het gesê, "Hoekom? Ek is net 'n sewende graad student, en ek sou sê 'empire' in plaas van 'umpire,' sien. Ek weet nie hoe om voor hulle te praat nie, en daar gaan die Predikersvereniging van Groter Chicago wees. Hoe gaan ek voor hulle praat met my sewende graad opleiding, Tommy? Jy's 'n doktor van goddelikheid." Ek het gesê, "Jy sal weet hoe om te praat. Ek nie."

Hy het gesê, "Broer Branham, ek kon dit nie doen nie."

Ek het gesê, "Hoekom? Ek het jou menige guns bewys." Ek het dit net baie reguit gestel.

En Broer Carlson het gesê, "O, Broer Branham, hy kon dit nie doen nie."

Ek het gesê, "Hoekom?"

Hy het gesê, "Wel… duh… duh… uh."

110 Ek het gesê, "Weet julle hoekom? Julle weet waarom, maar julle wil my nie sê nie. Hulle het 'n lokval vir my gestel." Ek het gesê, "Broer Carlson, jy het daardie hotelkamer, het jy nie, waar ons die ander banket gehad het?"

"Ja."

Ek het gesê, "Jy gaan dit nie kry nie."

Hy het gesê, "Wel, Broer Branham, ons het klaar die deposito daarop betaal."

Ek het gesê, "Ek gee nie om wat jy gekry het nie, dit gaan nie daar wees nie. Dis 'n groen-gekleurde kamer. Ons gaan in 'n bruin gekleurde kamer wees. Ek gaan agter in die hoek wees. Dr Meade sal regs sit. Daardie gekleurde man en sy vrou sal hier sit, en *So-en-so*. Daar sal 'n Boeddha-priester aan my regterkant sit [en hoe hulle aangetrek sal wees]."

En ek het gesê, "Jy weet wat dit is, Tommy. Die Groter Chicago Predikers Vereniging gaan my uitdaag oor die doop in die Naam van Jesus Christus. Die Groter Chicago Predikers Vereniging gaan my uitdaag oor die bewys van die Heilige Gees wat in tale praat. Hulle gaan my uitdaag oor die saad van die slang, en oor die prediking van genade."

Tommy het omgekyk en gesê, "Genade, goedheid." Hy het gesê, "Ek dink nie ek sal eers gaan nie."

Ek het gesê, "Ja, jy kom."

111 En die volgende dag het die man wat die deposito geneem het, hom die deposito teruggegee en gesê, "Ons het 'n orkes. Ons het dit bespreek gehad, en ons het dit vergeet en daardie ding verloor. En ons moes dit vir die orkes gee, en jy kan dit nie hê nie." En ons het uitgegaan na Town and Country.

Het daardie oggend ingestap, en daar het hulle almal gestaan. Toe ek daar agter die lessenaar gaan sit het, gewag het… Nadat hulle ontbyt gehad het, het ek so rondgekyk na hulle (ons het ontbyt in 'n kamer gehad, uitgekom, gaan sit), en daar was Die Groter Predikers Vereniging van Chicago. Ek het omgekyk na hulle. Elkeen het hulleself voorgestel as Doktor, PhD, LL, QUST, en al daardie soort dinge soos daardie. Ek het net gesit en na hulle geluister totdat hulle klaar was.

112 Broer Carlson het opgestaan. Hy het gesê, "Menere…" (En almal van julle ken Hank Carlson. Vra hom. Wel, julle het dit net hier op band. As julle die band wil koop is dit hier. Die kêrels het dit.) Hy het gesê, "Menere," het hy gesê, "ek stel volgende aan julle voor, Broer Branham."

Hy het gesê, "Julle mag almal met hom verskil oor sy doktrine, maar laat ek julle iets vertel. Drie dae gelede het ons in 'n plek gesit, en as daardie man my nie alles vertel het wat vanmôre gebeur het nie, staan ek nie hier nie. Hy het vir my gesê dat julle almal gereed gemaak het om hom oor sy doktrine te bevraagteken. En hy het vir my gesê dat ek daardie ander plek moet kanselleer en hier wees; en het my presies vertel waar Dr Meade en hierdie mense sou sit, net presies. En hier is hulle." Hy het gesê, "Julle mag van hom verskil, maar ek sê een ding. Hy's vreesloos met dit waaroor hy dink." Hy het gesê, "Nou,

Broer Branham, die vloer is joune."

113 Ek het gesê, "Voor ons begin…" Ek het gelees wat ek vanmôre gedoen het, "Ek was nie ongehoorsaam aan die hemelse visioen nie." Ek het gesê, "Nou, laat ons dit afhandel. Nou, julle almal praat van doktore van goddelikheid, en ek staan hier alleen." Ek het gesê, "As dit so is, wil julle my ondervra oor die doop in Jesus se Naam. Ons sal eers daarmee begin. Ek wil hê een van julle manne moet julle Bybel bring en hier langs my staan, op enigiets wat ek onderrig het." Ek het gesê, "Staan hier langs my sy! En met die Woord van God, bewys dat dit nie so is nie!"

Ek het gewag. Niemand het niks gesê nie. Ek het gesê, "Ek vra vir party van julle manne om langs my te kom staan. Wat is die probleem met julle? Bly dan van my rug af, as julle bang is om hier by my te staan." Dis nie ek vir wie hulle bang is nie. Dis daardie engel van die Almagtige God, dat hulle weet as Hy my sou vooruit vertel om te kom… Hulle is selfs slimmer as wat ek gedink het hulle was. Hulle het van beter geweet as om daar te staan.

114 Julle weet, julle was in tye … daardie tye ook, maar hulle het dit nie gedoen nie. Wat is die probleem? As dit so wonderlik is en hulle weet dis so waaragtig… Ek het dit op band gesit, en enige ander plek. Ek is gereed om daaroor te praat op 'n Christelike manier met enige broer. Ek sal met niemand stry nie. Maar ek wil hê julle moet kom en enige daarvan weerlê deur die Woord. Nie volgens jou handboek nou nie, nie wat Dr *So-en-so*, of Sint *So-en-so* gesê het nie; ek wil weet wat God gesê het. Dis die basis. Ek wil weet wat dit is. Hulle doen dit nie.

115 Nou kyk. Wanneer dit tyd is vir die sewe stemme (en dis tyd vir die sewe stemme wanneer die boek voltooi is) van Openbaring 10 om geopenbaar te word… Nou let op, luister. (Nou, ek sal julle nie veel langer hou nie, ek weet ek put julle uit hier. Dis twintig minute voor tien. Luister nou mooi. Ek weet ... staan op en julle almal verander posisies en dinge. Ek sal bly wees as die kerk reggemaak word sodat ons nie beknop hoef te wees nie. Ons kan heeldag vat om dit te preek.)

Nou, let op. Let nou op. Die sewe stemme was donderslae—ontploffings! (God help ons! As ek verkeerd is, Here, vergewe my.) Ek vra julle die vraag. Dit het ontplof met donderweer toe hierdie stem weerklink het. Het julle opgelet dat toe die sewe seëls—wat die sewe kerkeeue gevolg het—toe die eerste seël geopen is, dat daar 'n donderslag was? Toe die eerste seël in die boek oopgemaak is, was daar 'n donderslag. Sou die eerste seël van die buitekantste boek nie op dieselfde manier oopgaan nie? God verander nie Sy program nie.

116 Laat ons blaai na Openbaring 6.

En ek het gesien toe die Lam een van die seëls oopgemaak het, en ek het iets soos 'n donderslag gehoor, en een van die vier lewende wesens het gesê Kom kyk.

Nou, daar was nooit nog 'n donderslag nie; en die laaste seël is geopen, daar was tyd in die hemel vir 'n halfuur van stilte. Maar die eerste seël is oopgemaak; daar was 'n donderslag.

O, kerk, kan dit wees? Is ons so ver? Vriende, dink. Miskien… Ek hoop dit is nie. Maar wat as dit is? Wat was daardie ontploffing? Voor God en hierdie oop Bybel, ek lieg nie! Ontploffing wat die aarde geskud het. En toe die eerste seël van die sewe wat in die Bybel geopen is, het dit uitgekom—net een—maar 'n ontploffing wat die hele ding geskud het, 'n donderslag. Dan, as die seëls wat aan die agterkant is sou oopgaan, sou dit nie ook 'n donderslag wees nie? Ek weet nie. Ek kan nie sê nie.

Daar was 'n donderslag—die eerste seël. En die seël was 'n donderslag. Die basuin is geopen op daardie tyd—en die basuin is geblaas met Pinkster, natuurlik. (Ek sal nie daarop ingaan nie.)

117 Nou, as die visioen skriftuurlik was (die visioen waarvan ek praat, wat ek verlede Saterdagoggend—nou 'n week gelede gesien het)… As, nou onthou hier, as die visioen skriftuurlik was, moet dit geïnterpreteer word deur die Skrif, of 'n voortsetting van dieselfde Skrif! (Ek het net gewag sodat dit insink.) As dit wat ek gesien het… Wat dit was, weet ek nie, maar ek is doodbang! Het ons weggekwyn? Is ons aan die einde? Onthou, hierdie engel het gesê toe dit plaasgevind het, het Hy gesweer daar sou nie meer tyd wees nie. Ek wonder of ons dit regtig begryp?

Jy sê, "Wel, dit lyk asof dit gebasuin sal word oor…" Broer, Hy kom binne 'n oomblik wanneer jy nie dink nie. Jy sal dit jou laaste keer hoor.

118 Nou, is dit duidelik? Toe die eerste seël oopgemaak is… Die seëls wat binne-in die boek was, hierdie verborgenhede wat weerklink het—regverdigmaking, heiligmaking, Rooms Katolieke kerk, Protestante… En toe al hulle klein gevegte en dinge hierdie los punte gelaat het in die Woord van God, kom die sewende engel aan en maak hulle almal bymekaar en verduidelik hulle, sien? En wanneer hy klaar is, sewe donderslae uiter! En Johannes het begin skryf. Hy het gesê, "Moet dit nie skryf nie, maar verseël dit." En die eerste seël is oopgemaak (van die seëls aan die binnekant van die boek), dit het met 'n donderslag geopen.

As hierdie Skrif is, kan dit net wees… As enige Skrif enigiets is wat veronderstel is om van die Bybel te wees… Dis net asof jy my nie kan sê daar is soiets soos 'n vagevuur en sulke dinge nie. Daar is geen skrif in die Bybel om dit te ondersteun nie.

119 Jy kan my nie vertel van hierdie dinge soos die boek van die Makkabeërs nie, wat in orde mag wees; en daardie vierde boek van Daniël, waar 'n engel hom aan die hare van die kop gegryp en hom neergesit het. Daar's nie sulke goed soos dit wat ooit in die Bybel plaasgevind het nie. Waar Jesus van Násaret 'n klein kleivoëltjie gemaak het en bene daaraan gesit en gesê het, "Vlieg weg, klein voëltjie," dis onsin. Daar's niks in die Bybel om dit te ondersteun nie.

So, dit mislei nie… Die vertalers… God het gesien dat die vertalers nie eens daardie dogmas en onsin sou byvoeg nie. Dit mag goeie mense gewees het, die Makkabeër broers. Ek sê nie hulle was nie goeie mense nie, maar dit was nie skriftuurlik nie. Hierdie is die volledige openbaring van Jesus Christus. Niks kon daarby gevoeg word, of daarvan weggeneem word nie. En as ons dit daarin sit, werk dit nie volgens die res van die Skrif nie. Daar is ses-en-sestig boeke van hierdie Bybel, en nie een woord sal die ander een weerspreek nie.

120 En dan as dit 'n voortsetting is vir die weerklink van hierdie laaste basuine, of hierdie laaste sewe donderslae wat voortkom—die verborgenhede, die laaste seëls—sal dit moet meeding … of vergelyk met die res van die Skrif. En as daardie eerstes daarbinne geopen het met 'n donderslag, sal die tweede ook, wat op die agterkant is.

Kyk wat gebeur. As die visioen Skrif was, dan moet dit geïnterpreteer word deur die Skrif, of 'n voortsetting van dieselfde Skrif.

121 Let op, Openbaring 10:3-4. Sewe donderslae ... sewe donderslae! En let dan op ... 3 en 4. En dan wat? 'n Eed van daardie magtige engel daardie tyd was voltooi. Toe hierdie donderslae, julle sien, hulle stemme voortgebring het, toe het die engel…

Dink net daaraan. 'n Engel geklee in 'n wolk, en 'n reënboog oor Sy hoof (Wel, julle weet Wie dit is.), het een voet op die land en op die see gesit, en Sy hand opgesteek en gesweer dat toe daardie sewe donderslae hulle stemme geuiter het, dat tyd nie meer sou wees nie. En as die bediening van die verborgenhede van God verby is… Wat as dit daardie sewe verborgenhede is wat na vore kom? En 'n nederige klein kerkie soos ons s'n waarna die Almagtige gekom het, en die lae toestand van Sy mense geag het.

Jy sê, "Wel, ek dink nie so nie." Dit mag nie wees nie, maar wat as dit is? Dan het die tyd uitgeloop. Het julle dit gedink? Wees ernstig. Dit mag later wees as wat ons dink.

122 Die sterre wat destyds in hulle konstellasie geval het; daardie engel wat kom en gesê het, "Soos Johannes gestuur is om die Ou Testament te beëindig, en om die bekendstelling van Christus voort te bring, sal jou boodskap die los punte bymekaar bring, en sal die Messias bekendstel net voor Sy koms"—die boodskap van die laaste dae. Let op, die magtige engel het met 'n eed gesweer dat die tyd nie meer sou wees nie. (Nou, ek wil julle nie te lank hou nie. Dink net 'n oomblik hieraan.)

123 Nou luister. Hierdie engel het neergedaal uit die hemel. Sien, die ander sewe engele van die sewe kerke was aardse boodskappers. Maar hierdie engel… Die hele boodskap is klaar; die sewende engel eindig die hele ding. En hierdie engel kom nie na die aarde toe nie. Hy is nie 'n mens van die aarde, soos die boodskappers vir die kerkeeue nie. Dis klaar. Maar hierdie engel bring die volgende aankondiging (en 'n engel beteken 'n boodskapper), en Hy kom af uit die hemel, geklee in daardie pilaar van lig, wolk, met 'n reënboog oor Sy kop. En 'n reënboog is 'n verbond. Dit was Christus, met een voet op land en een op die see, en het gesweer dat die tyd nie meer sal wees nie.

124 Waar is ons, menere? Waaroor gaan dit alles? Ek vra julle.

Die ander engele was boodskappers, manne van die aarde. Maar hierdie engel… Het gesê, "aan die engel van die kerk van Laodicéa"; "Aan die engel van die kerk van Efése"—boodskappers van die aarde, sien, manne, boodskappers, profete, ensovoorts, aan die kerk. Maar hierdie Een het nie van die aarde af gekom nie. Hy het uit die hemel neergedaal, want die verborgenheid is alles klaar. En toe die verborgenheid klaar was, het die engel gesê, "Tyd sal nie meer wees nie," en sewe donderslae het hulle stemme uitgegooi.

Wat as dit iets is om ons te laat weet hoe om in die wegrapingsgeloof in te gaan! Is dit? Sal ons oor mure spring? Is daar iets wat gereed maak om te gebeur, en hierdie ou, geskende, vuil liggame gaan verander word? Kan ek lewe om dit te sien, O Here? Is dit so naby dat ek dit sal sien? Is dit die geslag? Menere, my broers, hoe laat is dit? Waar is ons?"

125 Laat ons kyk na die horlosie—die kalender—om te sien in watter datum ons lewe. Israel is in Palestina, in haar tuisland. Die banier, die sespunt Ster van Dawid, tweeduisend jaar gelede (ja, byna

2500 jaar gelede), die oudste vlag wapper. Israel is terug in haar tuisland. “Wanneer die vyeboom sy botsels voortbring, sal hierdie geslag nie sterf—sal nie verbygaan—totdat alle dinge vervul is nie.”

Nasies breek, Israel ontwaak,

Die tekens wat die profete voorspel het;

Die Heidene se dae is getel, met verskriklikhede

beswaard;

“Keer terug, O verstrooides, na julle eie.”

Die dag van verlossing is naby,

Mense se harte faal van vrees;

Word gevul met die Gees, julle lampe

afgewerk en helder.

Kyk op! Julle verlossing is naby.

Valse profete lieg, God se waarheid

hulle ontken,

Dat Jesus die Christus ons God is;

(Julle weet dis die waarheid!)

Maar ons sal wandel waar die apostels getrap het.

Want die dag van verlossing is naby,

Mense se harte faal van vrees;

Word gevul met die Gees, julle lampe

afgewerk en helder.

Kyk op! Julle verlossing is naby.

126 Dit mag nader wees as wat julle dink dit is. Dit het my bang gemaak! O, ek het nie genoeg gedoen nie! Waar is ons?

Daar sal geen tyd meer wees nie. Hy kondig aan dat tyd verby is. Wat gebeur? Wat gebeur? Kan dit nou so wees, broers? Dink ernstig! As dit is, dan word die piramide deur die sewe donderslae bedek.

Onthou julle die piramide boodskap? Dis die hoofsteen. Wat het dit gedoen? Die Heilige Gees het die individu bedek en dit verseël toe ons by ons geloof geregtigheid gevoeg het, en godsaligheid, en geloof, ensovoorts; en het bly byvoeg tot ons sewe dinge gekry het. En die sewende een was liefde, wat God is. Dis hoe Hy die individu maak. Hy bedek hom en verseël hom met die Heilige Gees.

Dan as dit so is, het Hy sewe kerkeeue waarin Hy sewe verborgenhede gehad het wat weggebêre is, en waarvoor hulle geveg het om terug te bring. En nou kom die hoofsteen om die kerk volledig te maak. Beteken die donderslae dit, my broers? Menere, is dit waar ons is?

127 Junie, ek wil jou droom neem. Kyk. Junior, voor die piramide ooit gepreek is, maande tevore, het hy hierdie droom gesien. Julle sê, “Wat van 'n droom?”

Nebukadnésar het 'n droom gedroom wat Daniël uitgelê het, het die begin van die Heidense eeu vertel, en wanneer dit sou weggaan. En dit word net presies so gedoen. Nie een greintjie het gefaal nie.

Julle let op, die skrif wat op die rotse was, ek het dit vir hulle geïnterpreteer. Hulle was verheug. Dis die verborgenheid van God wat vir jare nie verstaan is nie. Kan dit dit wees? En let dan op. Op een of ander geheimsinnige manier het ons 'n skerp gereedskap opgetel, uit die lug, wat die bokant oopgemaak het. En daarin was wit graniet, maar dit was nie geïnterpreteer nie. Daar was geen letters nie. Ek het dit nie geïnterpreteer nie, Junior. Ek het net daarna gekyk en vir die broers gesê, “Kyk hierna.” En dis vanaand vervul!

Terwyl hulle dit bestudeer het, het ek na die Weste geglip. Waarvoor? Miskien om die interpretasie te verstaan van wat bo-aan hierdie geskryf is. Kan dit wees?

128 En dié wat die ander oggend ontplof het, wat my geskud het, reg tot ek in die lug opgelig het so hoog soos hierdie gebou; en daardie konstellasie van engele, sewe engele, in die vorm van 'n piramide. Is dit daardie donderslae wat voortkom? Kan dit wees? Dit is alles geïnterpreteer. Volgens sy droom was dit alles klaar. Volgens God se Woord sal die sewende boodskapper klaarmaak … die sewende boodskap sal voltooi wees. En dan die sewe donderslae.

En hy het die hoofsteen gesien omrol, wat baie mense nie eens weet daar is sewe seëls om geopenbaar te word nie. Ek het baie mans se boeke oor Openbaring gelees, het nooit daaroor gepraat gehoor nie. Hulle slaan dit oor. Maar daar is vir julle gesê dat dit daar is. Ek weet nie wat dit is nie. Kan dit dit wees? God wees ons genadig. As dit is, is ons in 'n ernstige uur.

129 Nou, net 'n oomblik. Kyk. As dit so is, en die verborgenheid is voltooi wat in hierdie rotse geskryf is, is ek bly om in 'n kerk te sit saam met goddelike mense aan wie God 'n droom kan gee. Ek is bly om voor te stel aan hierdie manne en vroue wat na Junior se kerk gaan, en aan hierdie kerk, aan Broer Neville en hulle, dat daar mense in hierdie gemeente sit… En die Bybel het gesê, "Hulle sou drome droom in die laaste dae." En hier is dit, en kyk daarna. Dit vergelyk met die Woord.

Weet niks daarvan nie, 'n ontploffing het na vore gekom en hier kom sewe engele vanuit ewigheid af. Ek het gesê, "Here, wat wil U hê moet ek doen?" Dit was nie vertel nie. Ek sal dalk eers moet gaan om uit te vind. Ek weet nie. Mag nie eens dit wees nie, ek weet nie. Ek sê net, "Wat as dit is?" As dit Skriftuurlik is, klink dit baie naby daaraan. Dink julle nie so nie?

130 Kyk, dan … kyk, die hoofsteen is nie uitgelê nie, sien. "Kom Wes, en kom terug." Of is dit dit? As hierdie sewe engele in hierdie konstellasie wat na my toe gekom het… Wanneer ek julle ontmoet op die dag van die opstanding, sal julle sien dat ek nie lieg nie, God my regter.

Of is dit daardie tweede klimaks waaroor ek nou die dag gepraat het? Kom daar iets na vore vir die kerk? Ek weet nie. Ek kan 'n bietjie daarop bly, maar ek sal aanbeweeg.

Kan dit dit wees? Die magtige donder, of die sewende engel in die sewe konstellasie, sewende periode konstellasie; die piramide gemaak in 'n vorm, drie aan 'n kant, en een bo-op, en hulle het van die ewigheid af geval. Kan dit wees? Is dit die verborgenheid van die donderslae wat die hoofsteen sal terugbring?

131 Julle weet, die piramide was nooit bedek nie. Die hoofsteen moet nog kom. Dis verwerp. Kan dit wees, broers, susters?

Of is dit daardie derde trek waarvan Hy my vertel het drie of vier jaar gelede?

Die eerste trek—onthou julle wat gebeur het? Ek het dit probeer verduidelik. Hy het gesê, "Moet dit nie doen nie."

Die tweede trek—Hy het gesê, "Moenie probeer…," en ek het in elk geval getrek. Onthou julle dit? Almal van julle onthou. Dis op band en alles.

Toe het Hy gesê, "Daar kom nou 'n derde trek, maar moet dit nie probeer verduidelik nie."

Sien julle hoe ek dit vanaand benader het? Ek weet nie. Maar ek voel pligsgebonde aan my kerk om iets te sê. Julle maak julle eie gevolgtrekking.

132 Nou, sal dit die verborgenheid wees wat sou oopmaak … wat Christus sou bring, 'n krag na die kerk sou bring? Sien, ons het alreeds… Ons glo in bekering, word gedoop in die Naam van Jesus Christus. Ons glo in die ontvangs van die Heilige Gees. Ons het tekens, wonders, wonderwerke, praat in tale, en die dinge wat die vroeë kerk gehad het.

En eerlik, daar is meer gedoen net hier as wat geskryf is in die boek van Handelinge, in hierdie een klein groepie mense, hierdie klein bediening van ons hier. Wat van die wêreld oor? Meer as wat geskryf is in die boek van Handelinge. Dieselfde soort—die opwekking van die dooies. Onthou, daar was net omtrent drie mense opgewek uit die dood deur Jesus Christus; en ons het op rekord, doktersrekord, vyf. "Werke wat Ek doen, meer as dit sal julle doen."

133 Ek weet die King James sê "groter," maar jy kan niks groter doen nie—meer daarvan. Hy was toe in een persoon; Hy's nou in die hele kerk, sien. "Meer as dit sal julle doen, want Ek gaan na My Vader."

As dit die derde trek is, dan lê daar 'n groot bediening voor. Ek weet nie. Ek kan nie sê nie. Ek weet nie.

Kyk. Derde trek. Laat ons 'n oomblik daarby stilstaan. In die visioen, die eerste vlug was klein boodskappervoëls. Dit was toe ons die eerste keer begin het. Dit het gegroei van net die persoon aan die hand te neem… En onthou wat Hy vir my gesê het? "As jy opreg sal wees, sal dit gebeur dat jy die

einste geheim van hulle hart sal ken." Hoeveel onthou dit wat aangekondig is van hier en oor die nasie? En het dit gebeur? Presies. Toe het Hy gesê, "Moenie vrees nie, Ek sal met jou wees, en dit sal voortgaan."

134 Nou, die eerste trek was klein voëltjies—daardie vlugte. Hulle het voortgegaan om die tyd te ontmoet, die koms van die Here te ontmoet, die eerste boodskap. Die tweede keer—die geheime van die hart. Van om 'n persoon aan die hand te neem, en net daar te staan en sê wat hulle gehad het, die volgende keer het dit hulle sondes geopenbaar en hulle gesê wat om te doen, en maak… Is dit reg? Toe het dit volmaak gebeur, net soos God dit gesê het. En julle is getuies, en so is die wêreld, so is die kerk.

Toe ek gesê het, "Ek het 'n engel gesien, en dit was 'n smaragvuur wat brand," het mense gelag en gesê, "Billy, kom tot jouself." Die magiese wetenskaplike oog van die kamera het dit geneem. Ek het nie gelieg nie. Ek het die waarheid gepraat. God het dit bevestig.

Ek het gesê, "Duisternis oorskadu. Dis dood, swart; en dit is wit. Een se lewe; die ander een se dood." Daar is dit op die foto daar agter. Soos George J Lacy gesê het, "Die meganiese oog van hierdie kamera sal nie sielkunde vat nie." Volg julle my?

135 Let op, die eerste klein vlug—hand. Die tweede was groter, witter, duiwe—Heilige Gees wat die geheime van die hart openbaar. En die derde vlug was engele! Nie voëls nie, engele! En dis die eindtyd. Dis al daarvan.

Sal dit die tyd wees, broers? Is dit die tyd?

Nou, luister baie mooi, en moenie dit verkeerd interpreteer nie. Ek wil julle iets vra.

Laat ons net 'n oomblik teruggaan. Die kerk weet dis die waarheid. Die wetenskaplike wêreld weet dis die waarheid. En mense sit vanaand hier, en baie wat nog lewe, wat op die rivier gestaan het toe daardie stem dit uitgespreek en gesê het, "Soos Johannes uitgestuur is met 'n boodskap van die eerste koms, so is hierdie die tweede boodskap van die tweede koms." Onthou julle?

En as dit klaar is, wat het Johannes gedoen? Johannes was die een wat gesê het, "Kyk, daar is die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem. Dit is Hy."

136 Is die uur...? Het dit gearriveer, my broers? Ek sê nie dit het nie. Ek weet nie, maar ek vra julle. Ek wil hê julle moet dink. Of sal hierdie die tyd wees wanneer dit weer sal wees, "Aanskou, die Lam van God"; of die tyd van Maleági 4, om die harte van die kinders terug te bring na die geloof van ons vaders. Sal dit so 'n ontploffing wees wat sulke magtige dinge sal doen totdat dit die kerk sal sit, wat afdraand loop en nie die verborgenhede van God kan verstaan nie, ensovoorts...? Wanneer hulle daardie magtige ontploffing sien voortspring, sal dit hulle harte terugdraai na die vaders, soos die Bybel gesê het dit sou doen? Of was dit die boodskap, alreeds verby, wat dit moes gedoen het? Ek weet nie. Hierdie is die teken van die eindtyd, menere. Of is dit die teken dat dit verby is? Dit lyk baie skriftuurlik vir my. Ek weet nie.

137 Daar was daardie engele. Daar was 'n ontploffing soos 'n donderslag, wat die hele aarde geskud het. God weet ek praat die waarheid. Onthou net, iets maak gereed om te gebeur. Ek weet nie wat dit is nie, maar kan dit dit wees? Die rede waarom ek dit sê: berei julleself voor.

Laat ons bid. Bid hoe? Neem ons posisie in die leër van Sy gelowiges en berei onsself voor, want dit mag later wees as wat ons dink. Julle ken my, en ek het julle nog nooit 'n leuen vertel waarvan ek weet nie. Soos Samuel vir hulle gesê het, "Het ek julle ooit iets gesê in die Naam van die Here, behalwe dat dit gebeur het?" Nou, ek sê julle nou, ek weet nie wat dit is nie. Ek kan nie sê wat dit is nie. Ek weet nie. Maar ek gaan julle die waarheid vertel—ek is bang. As julle broer is ek bang sedert verlede Saterdag.

138 Dit mag die eindtyd wees. Dit mag tyd wees vir die reënboë om oor die lug te swiep, en 'n aankondiging uit die hemele wat sê, "Tyd is nie meer nie." As dit is, laat ons onsself voorberei, vriende, om ons God te ontmoet.

Daar is nou baie kos ingelê. Laat ons dit gebruik. Laat ons nou daarvan gebruik maak. En saam met my van hierdie platform af, roep ek tot God, "Here Jesus, wees my genadig."

Ek het probeer lewe volgens die beste wat ek weet hoe. Ek het probeer om die boodskappe te bring op die beste manier wat ek kon uit die Woord van God. God ken my hart. Maar toe daardie konstellasie van engele daardie grond geswiep het, was ek verlam. Ek kon vir 'n lang tyd nie eers voel nie. Het selfs gevoel soos … 'n lang tyd later probeer om deur die kamer te loop, selfs van my rugmurg af, en op en af in my nek, was perfek verlam—soos geen gevoel nie. Ek kon nie in my hande voel nie. Ek was heeldag lank in verwarring. Ek het net in die kamer ingegaan en gaan sit.

139 Sondag het ek hierheen gekom om te praat, en ek het myself probeer wegskud daarvan deur te praat. Maandag was dit weer daar. En dis nou hier. Ek weet nie. Ek weet nie, menere. Ek is net eerlik

met julle as my broers. Ek weet nie.

Is dit tyd? Is die verborgenheid alles klaar? Is die basuingeklank alles verby? Is dit regtig daardie sewe donderslae wat gereed maak om iets uit te spreek, dat die groepie wat saam vergader het, 'n wegrapingsgeloof sal ontvang om in die wegraping te gaan wanneer Hy kom? Want ons sal so gou verander word wanneer daardie engele kom—in 'n oomblik, in 'n oogwink, en sal weggeraap word saam met hulle wat slaap om die Here in die lug te ontmoet.

My gebed is: God, as dit so is… Ek weet nie, Here. Ek het net die kerk vertel. As dit so is, Here, berei ons harte voor. Maak ons gereed, Here, vir daardie groot uur waarna die hele geskiedenis van die tyd, al die profete en wyses uitgekyk het na daardie tyd.

Here, ek weet nie wat om te sê nie. Ek sou bang wees om te sê, "Moenie kom nie, Here." Ek voel skaam vir myself wanneer ek kyk en die wêreld in die toestand sien, ek het niks meer gedoen as wat ek daaraan gedoen het nie. Ek is skaam vir myself. As daar 'n môre is, Here, salf my hart. Salf my meer, Vader, dat ek alles kan doen wat ek kan om ander na U te bring. Ek is U s'n.

140 Ek voel soos Jesaja in die tempel daardie dag toe hy die engele heen-en-weer sien vlieg het, met vlerke oor hulle gesigte en oor hulle voete, en vlieg met vlerke: "Heilig, heilig, heilig." O, hoe was daardie jong profeet nie geskud nie! Hy het 'n bietjie ouer begin word. En toe hy dit gesien het, hoewel hy visioene gesien het, het hy uitgeroep, "Wee my."

Vader, miskien het ek ietwat so gevoel toe ek daardie engele gesien het nou die aand—of nou die oggend, liewer. "Wee my, want ek is 'n man van onrein lippe, en ek woon onder onrein mense."

Vader, reinig my. En hier is ek. Stuur my, Here. Wat dit ook al is, dat ek in hierdie preekstoel staan waar ek vir dertig jaar was, as daar iets is, Here, wat U wil hê ek moet doen, hier is ek. Ek is gereed, Here. Mag ek genade in U oë vind, nederig bid ek.

Ek bid vir die klein kudde waarvan die Heilige Gees my opsiener gemaak het, om hulle te voed. Ek het alles gedoen wat ek weet hoe om te doen, Here, om hulle te voed op die brood van die lewe. Soos in daardie visioen, baie jare gelede, waar daardie groot gordyn in die Weste gelê het, en 'n berg van die brood van die lewe. Die klein boekie, "Ek was nie ongehoorsaam aan die Hemelse Visioen nie," en hier gebeur dit alles, geopenbaar reg in ons gesig.

141 U is God, en daar is geen ander behalwe U nie. Ontvang ons, Here. Vergewe ons van ons sondes. Ek bekeer my oor al my ongeloof, oor al my ongeregtigheid. Ek pleit op die altaar van God.

Soos ek vanaand kom met hierdie kerkie voor my, deur geloof beweeg ons van hierdie gebou in wegraping, soos ons saam sit in hemelse plekke rondom die troon van God. Ons harte is baiekeer verwarm in die dinge wat ons U sien doen het en U verborgenhede aan ons oopgevlek het. Maar, Here, vanaand is ek heeltemal moeg. Wee my! Soos Jakob, toe hy daardie engele by die leer sien afkom en teruggegaan het, het hy gesê, "Hierdie is 'n vreeslike plek, niemand anders as die huis van God nie." Daar is Bet-el gevestig.

God, mense verstaan dit nie… Hulle dink dit sal soveel vreugde wees. Maar Here, wat 'n bekommernis, wat 'n vreeslike ding, vir 'n menslike wese om te kom in die teenwoordigheid van 'n groot magtige wese van die hemel.

Ek bid vir vergifnis van my kerkie hier, waarna U my afgestuur het om te rig en te lei. Seën hulle, Here. Ek het gedoen volgens wat die visioene en drome en dinge so gesê het, na die beste van my wete. Ek het al die kos ingelê wat ek weet hoe, vir hulle, Here.

Wat dit ook al is, Here, ons is U s'n. Ons gee onsself in U hande, Here. Wees ons genadig, vergewe ons, en laat ons U getuies wees solank ons op die aarde is. Dan, wanneer die lewe verby is, ontvang ons op in U koninkryk. Want ons vra dit in Jesus se Naam. Amen.

142 Elkeen van julle, reinig jou hele hart. Lê alles opsy, elke gewig. Hou dit uit jou pad uit. Moenie dat enigiets jou pla nie. Moenie bang wees nie. Daar is niks om oor bang te wees nie. As Jesus kom, is dit 'n baie… Dis 'n oomblik waarvoor die hele wêreld gekreun en uitgeroep het. As dit iets is wat nou uitbreek, vir 'n nuwe koms—'n nuwe koms van 'n nuwe gawe, of iets—sal dit wonderlik wees. As dit tyd word dat die openbaring van die sewe donderslae aan die kerk geopenbaar sal word, hoe om te gaan, weet ek nie. Ek het pas gesê wat ek gesien het.

O, goeiste, watter tyd! Dis ernstige en plegtige denke. En as dit tyd sou wees vir my om te gaan, is ek U s'n, Here, is ek U s'n. Wanneer U klaar is, kom, Here Jesus. Waar dit ook al mag wees, of watter tyd dit mag wees, ek is Syne. Ek sê nie ek begeer om weg te gaan nie; ek het nie. Ek het 'n familie om groot te maak; ek het die evangelie om te preek. Maar dis volgens Sy wil, nie myne nie. Dis Sy wil. Ek weet nie. Ek sê net vir julle wat is. Wat is, God sal dit laat gebeur. Maar, ek sê julle wat ek gesien het en wat

gebeur het. Wat dit beteken het, weet ek nie. Maar, menere, kan dit die einde wees?

143 Die mense is nou teenwoordig—die ses mense wat daardie drome gehad het. Is dit nie vreemd daar was nie sewe nie? Is dit nie baie vreemd dat ses reguit opgetrek het, en dan daardie visioen onmiddellik nie. Die mense is hier. Broer Jackson hier was een; Broer Parnell was nog een; Suster Collins was nog een; Suster Steffy was nog een; Broer Roberson was nog een; en Broer Beeler was nog een. En die hemelse Vader weet daar was nie nog een wat daarop betrekking het nie. Aan die einde van daardie sewende een (wat Suster Steffy was), het die visioen onmiddellik uitgebreek.

Sien julle? Sien julle waarom ek weggaan? Sien julle waarom ek moet gaan? Ek moet dit doen. Vriende, moenie na my kyk nie. Ek is julle broer. Moenie enige aandag aan my gee nie, want ek is net 'n sterfling. Ek moet sterf soos almal anders. Moenie na my luister nie, maar luister na wat ek gesê het. Wat ek gesê het is die boodskap. Moenie enige aandag gee aan die boodskapper nie; hou die boodskap dop. Hou julle oë nie op die boodskapper nie, maar op die boodskap—wat dit sê. Dis die ding om na te kyk. En God help ons, is my gebed.

144 Nou, ek wou nie kom en julle dit vertel nie, maar ek wou niks van julle terughou nie.

Nou, sover ek weet (laat ek julle vertel), sover ek weet, sal ek vertrek in die volgende twee of drie dae, Woensdagoggend, na Tucson. Ek sal nie na Tucson gaan om te preek nie. Ek gaan nie daarheen om te preek nie. Ek gaan na Tucson om my familie in die skool te vestig, en dan 'n swerwer word.

Ek gaan op na Phoenix om daardie klein ry van dienste te hou, wat waarskynlik net klein boodskappies sal wees. En miskien… Ek dink hulle wil hê ek moet een aand in die konvensie preek. Hulle het nooit iets daarvan gesê nie. Hulle het net gesê ek sou daar wees. Sien, dit klink nie baie goed vir my nie. Ek het 'n woord, "SO SPREEK DIE HERE," aan Broer Shakarian, ook. Ek weet nie wat hy daaraan sal doen nie, maar ek het die woord om hom te sê. Ek weet nie wat hy sal doen nie. Dit hang van hom af.

145 Het julle die laaste "Stem" opgelet? Dis veronderstel om nie 'n organisasie te wees nie, maar hulle het hulle geloofsbelydenis verklaar. Wanneer 'n organisasie, dan val ek weg. Ek's uit soiets.

Nou, vermoedelik moet Broer Arganbright en Broer Role, 'n Washington diplomaat onder sewe presidente, in Afrika wees. Broer Role en ek en Broer Arganbright sal dadelik in Afrika ingaan vir 'n paar byeenkomste—onder in Suid-Afrika en Tanganjika met Broer Boze, en verder af deur, en waarskynlik op deur Australië, en deur daardie weg terugkom, as die Here nie iets anders doen nie. Maar voor ek gaan, sal ek terug wees hier.

Dan, wanneer ek terugkom van daar af, as God nie met my gepraat het op 'n ander manier nie, gaan ek die familie neem en opbeweeg na ongeveer Anchorage, Alaska. Hierdie is Suidwes; dit sal Noordwes wees. Laat hulle dan daar bly deur die somer, wanneer dit so warm is onder in Tucson totdat dit die vel van jou sal afbrand. Ek dink nie hulle kan dit verduur nie. Hulle sou so heimwee hê en mismoedig wees. Ons verkoop nie die plek nie. Dit bly net daar met die meubels in die huis. Ek weet nie wat om te doen nie.

146 Dan, tyd dat die somer verby is, as die Here wil, wil ek Alaska verlaat, en afkom na ongeveer Denver —sentraalwes. Suidwes, Noordwes, Sentraalwes, terwyl ek uitroep, "O Here, wat wil U hê moet ek doen?"

In die tussentyd sal elke boodskap, sover ek weet, wat gepreek word, net hier wees, hierdie Tabernakel. Hier is waar die bande sal wees. Hier is waar die hoofkwartiere is. En ek is nie van plan om by my familie in die Weste te bly nie. Ek gaan soek totdat ek vind wat God wil hê ek moet doen.

As hierdie jaar dit nie afhandel nie, dan volgende jaar, sonder water of kos, sal ek uitstap in die woestyn in, en ek sal wag totdat Hy my roep. Ek kan nie so aangaan nie. Jy moet desperaat raak. Jy moet by die plek kom waar jy wil weet wat die wil van God is. En hoe kan jy die wil doen, as jy nie die wil ken nie? Ek ondersoek as gevolg van daardie visioen—agtergrond wat julle gedoen het, gaan rond as sendeling en evangelisasie totdat daardie oproep gekom het.

Onthou die eerste een toe ons daardie hoeksteen gelê het? "Doen die werk van 'n evangelis," het Hy gesê. Het nie gesê jy is 'n evangelis nie, maar doen die werk van een; miskien tot die tyd kom vir iets anders, nog 'n verandering van werk. Mag dalk iets anders wees. Ek weet nie.

147 Het julle Hom lief? Wees baie seker daarvan. Wees baie seker daarvan. Hulle wat die Here liefhet…

Hulle wat op die Here wag, sal

hulle krag vernuwe,

Hulle sal opstyg met vlerke soos

'n arend,

Hulle sal hardloop en nie moeg word nie, ...

loop en nie flou word nie.

O, leer my, Here, leer my, Here,

om te wag.

Ek het Hom lief. Ek weet julle doen dit ook.

Nou, môreaand… Ek dink ek het dit baie duidelik gemaak. Het ek? So duidelik as wat ek weet hoe om dit te maak. Dis al wat ek weet. Dis al wat ek weet wat om te sê. En as dit aan my geopenbaar word vir iets, sal ek julle gou sê. Ek weet julle is geïnteresseerd om te weet. Ek is geïnteresseerd om te weet. Ek weet nie wat dit beteken het nie. Ek weet nie waarheen ek gaan nie. Ek weet nie wat gaan gebeur nie. Ek is net… Die enigste ding wat ek weet, ek gaan net, deur die genade van God. Dan sal Hy my sê wanneer ek daar kom, miskien. Maar my deel is nou, gaan.

Ek mag dalk nie twee weke daar wees voordat ek êrens anders sal wees nie, en mag dalk hier terug wees. Dis reg. Ek weet nie, maar ek is… Daardie visioen het my vrou en my kinders daarin gehad, en die einste ding wat dit was… Ek was in 'n bedekte wa. En die oomblik toe ek daar ingestap het, was daar… Ek was in my stasiewa.

En dis hoe ons vertrek binne 'n paar dae—weet nie waarheen ons gaan nie, weet nie wat ons gaan doen wanneer ons daar kom nie. Gaan net.

148 God is vreemd vir ons, want Sy weë is verby uitvind. Hy wil gehoorsaamheid hê.

“Waarheen gaan jy?”

“Dis nie jou saak nie. Bly net voortgaan.”

“Wat wil U hê moet ek doen, Here?”

“Dis gaan jou nie aan nie. Volg jy My. Hou net aan loop.”

“Waar sal ek stop?”

“Wat's dit vir jou? Hou net aan loop.” So, hier gaan ek, in die Naam van Jesus Christus. Amen.

Ek het Hom lief, ek het Hom lief,

Omdat Hy my eerste liefgehad het;

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

Ek het Hom lief (Hy's my lewe),

Ek het Hom lief (alles waarvoor ek gelewe het),

Omdat Hy my eerste liefgehad het;

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

Menere, is dit die tyd?

[Broer Branham neurie, “Ek het Hom lief.”]

Terwyl ons dit weer sing, skud hande met iemand langs jou. Sê, “Broer, suster, bid vir my. Ek sal vir jou bid.”

Ek... (Bid vir ons.)... (Baie gou...?... Broer, bid vir my. Bid vir my, broers. Bid vir ons.)

En my verlossing gekoop het ... (Bid vir my. Bid vir my.)

op Gólgota se boom.

Want ek het lief… (Laat ons nou ons hande opsteek na Hom.) Ek… (ware liefde)

Omdat Hy my eerste liefgehad het,

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

Ja, ek het Hom lief… (Met my hele hart) Ek het Hom lief

Want… (Dis nou die tyd.)

En my verlossing gekoop het

Op Gólgota se boom.

Volg jy, Broer Neville. Ek gaan terug. Kondig die tyd vir die byeenkoms aan.

MESSAGE hub online

www.messagehub.info

Preke Gelewer Deur

William Marrion Branham

"… in die dae van die stem …" Openb. 10:7